die Boodskapper

Amptelike blad van die Afrikaanse Protestantse Kerk

No. 345 • Oktober 2021



LIG IN DUISTERNIS

*Ons verkondig Christus wat gekruisig is ... Christus, die krag van God en die wysheid van God – 1 Kor. 1:23-24*

Oktober 2021 | No. 345

# INHOUD

**DIE BOODSKAPPER** • By die poskantoor as nuusblad geregistreer

## Reperasie van 'n nasie (deel 1)


**REDAKSIONEEL**
**Ds. Schalk Strauss**
'n Herhalende patroon met net een Oplossing ..... 1

**AMPTELIK** ..... 3

**ONTVANG DIE WOORD**
**Ds. Jannie Bisschoff**
God genees ons in Christus van blinde skynheiligheid ..... 4

**ARTIKELS**
**Wat is veronderstel om aan te gaan?**
**Prof. HG Stoker**
Calvinisme as wortel van ons volksbestaan (Deel 1) ..... 6
**Wat gaan aan?**
**Prof. HG Stoker**
Calvinisme as wortel van ons volksbestaan (Deel 2) ..... 10
**Prof. Henk Stoker**
Calvinisme: Koers in die krisis vandag ..... 14
**Waarom gaan dit aan?**
**Prof. Alwyn Swanepoel**
Gnostiekeland: Die oudste dwaling het weer muteer ..... 16
**Prof. Johan Bosman**
Populisme en apokaliptisisme ..... 18
**Wat staan ons te doen?**
**Willie Spies**
Bou huise en plant die lande! ..... 22
**Ds. Aubrey Hough**
Ekumenies en konfessioneel ..... 24
**Ds. Schalk Strauss**
#Trekjousokkiesop ..... 26

**AKTUEEL**
Die Bybel in elke klaskamer ..... 13
Bybelwoordblok: Filippus en die Ethiópiër ..... 21
Gemeentenuus ..... 28
Antwoorde: Bybelwoordblok (Sept. 2021, bl. 18) ..... 28
Smeltoond ..... **binne agterblad**

**IN DIE SPORE VAN GISTER MET PIETER & PIETER**
**Dr. Pieter Mulder**
Atoombom op Nagasaki (9 Aug. 1945):
Wat het dit met Suid-Afrika te doen? ..... 34

**LOOF DIE HERE**
**Braam van Tonder**
Sondag 1-52: Waarna soek die musikale konteks? ..... 35


**VOORBLAD:** 'n Skildery deur Benjamin West (1791), wat die mens se verbanning uit Eden uitbeeld. Daar is 'n direkte verband tussen die sondeval en samelewingsverval. Lees verder hieroor in die Redaksionele artikel.


**REDAKSIE**

**Eindredakteur**
Ds. HSW Strauss

**Redaksielede**
Di. RK Combrink, HJ Dafel, A Hough en mev. C Möller

**Redaksiesekretaresse en advertensies**
Mev. M Langeveldt
**Tel.:** 012 362 1390
**e-pos:** boodskapper@apk.co.za

*Die Redaksie vereenselwig hom nie noodwendig met alle uitsprake of menings hierin opgeneem nie.*



**BELANGRIKE TELEFOONNOMMERS EN ADRESSE**

**Gemeenskaplike Kerkkantoor**

Kerkkantoor en Boekwinkel
**Tel.:** 012 362 1390
**Faks:** 012 362 2023
**Posbus** 25139
Monumentpark, 0105
Makoustraat 516,
Monumentpark x2
**e-pos:** info@apk.co.za
**Webblad:** www.apk.co.za

**Die Afrikaanse Protestantse Akademie**

Administrasie
**Tel.:** 012 344 3960/1/2
**Faks:** 012 344 5480
**Posbus** 11488, Hatfield, 0028
Farendenstraat 430, Sunnyside
**e-pos:** info@apa.ac.za
**Webblad:** www.apa.ac.za



Gedruk en gebind deur:

BusinessPrint

**Bladuitleg:** Melaney Langeveldt

Uitgegee deur:

Lig in Duisternis
UITGEWERS
liginduisternis@apk.co.za



# ’n Herhalende patroon met net een Oplossing

**Ds. Schalk Strauss**

Egskeidingsyfers skiet die hoogte in. Ten minste een uit elke drie kinders word in gebroke huise groot. Die jaarlikse “Plett Rage” is die uitstalkas van die gemiddelde Afrikanerkind se opvoeding en die gemiddelde Afrikaner se morele waardes. In Suid-Afrika beloop die jaarlikse beraamde getal aborsies (wettig en onwettig) ten minste 260 000[1] – drie keer meer as die totale aantal COVID-19 verwante sterftes wat sedert die uitbreek van die pandemie aangeteken is. In die naam van “inklusiwiteit” en “relevansie”, gee kerke al hoe meer Skrifbeginsels prys en is besig om leeg te loop. Objektiewe waarheid is met ’n relatiewe en subjektiewe weergawe vervang. Jongmanne se geroepenheid om die evangelie te bedien, is besig om te taan. Só wys die afname in teologiese studentegetalle. Ons sou die lys nog baie kon uitbrei, maar een ding is seker: Iewers is daar fout. Groot fout. Ons is in die moeilikheid.

Ons kan dit aanvoel, maar waar die fout presies lê – daarop kan ons nie altyd ons vinger plaas nie. En omdat ons nie daaroor seker is nie, weet ons ook nie altyd presies waar om die antwoord vir die probleem te kry en hoe daardie antwoord moet lyk nie. Richard Osmer stel voor dat navorsing oor praktiese probleme soos hierdie, aan die hand van vier vrae gedoen word:

1. Wat gaan aan?
2. Waarom gaan dit aan?
3. Wat is veronderstel om aan te gaan?
4. Hoe behoort ons daarop te reageer?

Weens die omvang en die dringendheid die samelewingsverval, het ons besluit om beide die Oktober en November uitgawes aan die hand van Osmer se vrae, daaraan te wy. Osmer se metodologie het egter ’n swakpunt: Die vraag na die normatiewe staan derde in die ry. Om waarlik te bepaal wat fout is, waarom iets ’n fout is en hoe om daarop te reageer, is daar ’n vaste verwysingspunt nodig. Daarom gaan ons die probleem aanpak deur eers die normatiewe vraag te stel (wat veronderstel is om aan te gaan). Daarna gaan ons die probleem beskryf en ontleed (wat aangaan) en dan die inligting interpreteer (waarom dit aangaan). Uiteindelik gaan ons hierop reageer deur te wys op wat gedoen moet word om die saak ooreenkomstig die norm van die Skrif reg te stel.

Hierdie metode van Osmer, kan op verskeie praktiese situasies toegepas word. Die rede hiervoor, is omdat daar dwarsdeur die menslike geskiedenis ’n bepaalde patroonmatigheid is. Osmer het dit reggekry om dit in ’n metodologie vas te vang. Hierdie patroonmatigheid is volledig in die eerste drie hoofstukke van Génesis teenwoordig. Daarom sal dit ons loon om dit te bestudeer, want die oplossing vir ons probleme lê in die herkenning van en aanvoeling vir hierdie patroonmatigheid en die toepassing van die Bybelse antwoord daarop.

## Wat behoort aan te gaan?

Génesis 1 en 2 gee die antwoord op hierdie vraag. Die almagtige God skep die hemel en aarde uit niks. Hy bring lig in duisternis en orde in die chaos. Hy vul die aarde met plante en diere en skep die mens as kroon van sy skepping en as beelddraer van Homself (vgl. Gén. 1:26).

Die Koning vestig sy koninkryk. Die aarde en die volheid daarvan behoort aan Hom, maar Hy stel die mens aan om namens Hom daaroor te regeer. Vandaar die mens se opdrag: Bewoon, bewerk en bewaar dit wat aan jou sorg toevertrou is (vgl. Gén. 1:28 en 2:15). Sy taak is om met die Koning se goed om te gaan op ’n manier wat die Koning eer en sy opperheerskappy erken. Sy ondergeskikte posisie word bevestig met die oproep tot gehoorsaamheid (vgl. Gén. 2:16-17). Die hiërargie is duidelik en word deur die rolverdeling bevestig.

Ná elke skeppingsdag verklaar God dat dít wat Hy geskep het, goed is en wanneer Hy sy skeppingswerk voltooi, is die gevolgtrekking: Alles is “baie goed” (vgl. Gén. 1:31). Wat ons dus in hierdie openingshoofstukke van die Bybel aantref, is die normatiewe. Dit dien as objektiewe verwysingspunt om te weet hoe dinge veronderstel is om te wees.

1 https://www.sanews.gov.za/south-africa/sas-illegal-abortion-rate-alarmingly-high

## Wat gaan aan?

Daar kom egter spanning in die koninkryk. Génesis 3 spel die gebeure uit wat aanleiding tot hierdie spanning gee. Satan sis subtiel en verleidelik sy versoeking in die ore van die mens. Adam en Eva se lojaliteit en gehoorsaamheid aan die Koning word beproef. Uiteindelik steek die mens sy hand uit om die vrug te pluk en daarvan te eet. Sy oë gaan oop, maar sy hart gaan toe en sy skaamte word ontbloot.

Hierdie spanning is selfs op die vleuels van die aandwindjie tasbaar. Die harmonie is versteur, sodat die mens homself vir die Koning moet verberg. Waar daar opstand is, is daar nie vrede nie en weerklink die vraag van Génesis 3:13: *Wat het jy nou gedoen?*

Die gevolge is vervloeking. Die aarde word om die mens se ontwil vervloek, sodat dit dorings en distels voortbring (vgl. Gén. 3:17). Die God-gewilde, komplementerende rolverdeling tussen man en vrou wek nou weersin op, sodat die vrou se begeerte in die toekoms na haar man (se rol) sal wees, terwyl hy sy heerskappy op haar sal afdwing (vgl. Gén. 3:16). Die mens se arbeid sal voortaan in die sweet van sy aangesig verrig word, terwyl die skenk van lewe nou met smart en pyn vir die vrou gepaard sou gaan.

## Waarom gaan dit aan?

By 'n noukeurige lees van dié gebeure, is dit duidelik dat die oop hand wat uitgesteek is om die vrug te pluk, in der waarheid 'n gebalde vuis teen die heerskappy en oppergesag van die Koning was. *... julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees* ... (Gén. 3:5). Die begeerte na hiérdie soort mag het soos 'n kwylende wolf vlak in die oë van die mens kom lê.

Die mens is nie tevrede om net beelddraer van God te wees nie. Hy wil inderdaad self God wees. Sy optrede kan daarom nie net as ongehoorsaamheid beskryf word nie, maar is ten diepste rebellie teen die oppergesag van die Hemelkoning. Dit is 'n stryd om die kroon en die troon. Die hartseer gevolg is egter dat Satan uiteindelik, onder die dekmantel van "jý sal soos God wees", die troon van die mens se hart bestyg en sy optrede met volgehoue rebellie besmet.

### KONING MENS

*Ek is goed gemaak,*<br>*maar wil beter wees.*<br>*Ek word ingeperk*<br>*deur God te vrees.*

*Ek kán soos God wees:*<br>*wysheid en kennis onbeperk.*<br>*Ek soek geen grense,*<br>*wil uitbreek, vreesloos, sterk.*

*Ek wil self besluit,*<br>*oordeel wat is goed.*<br>*Ek wil my mag bewys,*<br>*mý heerlikheid se gloed.*

*Ek laat my deur niemand keer;*<br>*my begeerte is my wens.*<br>*Ek is baas van hierdie siel,*<br>*want ek ... is koning mens.*

## Wat staan ons te doen?

Vyeblaarrokke is nie die antwoord nie. Die oplossing vir die probleem is nie in eie pogings te vind nie. Vyeblaaroplossings is nie voldoende om die harmonie te herstel en die mens uit sy skuilplek in die teenwoordigheid van God te laat kom nie. Meer is nodig en daarom word meer beloof. Die vervloeking van Satan word ingebed in 'n belofte aan die mens:

> *Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hý sal jou die kop vermorsel, en jý sal hom in die hakskeen byt* (Gén. 3:15).

Hierdie Een sou kom om as Offerlam ter slagting gelei te word ter wille van ons oortredinge, sodat ons met Hom en sy volmaakte gehoorsaamheid beklee kan word (vgl. Gén. 3:21). In Christus is hierdie belofte vervul toe die kop van Satan aan die kruis op Gólgota vermorsel is. Hy herstel die verhouding en verwyder die spanning, sodat daar na die normatiewe teruggekeer kan word.

## 'n Universele patroonmatigheid

Hierdie patroonmatigheid is herhalend, maar ook universeel. Deur die geskiedenis heen is dit onderliggend aan alles wat skeefloop. Ons kan feminisme as voorbeeld gebruik. Wat veronderstel is om aan te gaan, is dat man en vrou vreugde en vervulling in hul Godgegewe, komplementerende rolverdeling behoort te vind. Wat aangaan is dat hierdie rolverdeling verag word. Die vuis word in die naam van gelykheid daarteen gebal. Die rede waarom dit gebeur, is ten diepste die mens se opstand teen God se gesag. God se rolverdeling is "diskriminerend" en moet beveg word. Weens sy begeerte om God te wees, ag die mens dit as sy reg om self oor sy rol (en selfs sy geslag) te besluit.

Vir hierdie, en alles anders wat vandag verkeerd loop, is daar slegs een oplossing: Jesus Christus. 'n Samelewing wat honger en dors na geregtigheid, behoort met die Regverdige bedien te word, sodat die normatiewe herstel kan word. Wie deur Hom bevry en met Hom beklee word, sal uit die skadu's van die sonde tree en met God begin wandel. In Hom word die vlammende swaard van die gérubs geblus, sodat die paradys en die boom van die lewe weer toeganklik is.

## LERAARS

### Beroepe ontvang

- Ds. AS van Staden (jr.) (Brakpan) na Vryburg.
- Ds. JC Jooste (Marble Hall) na Standerton.

### Beroepe aanvaar

Ds. AS van Staden (jr.) (Brakpan) na Vryburg.

### Beroepe bedank

Ds. JH Bisschoff (Gordonia) na Standerton.

### Tydelike met die ewige verwissel

Ds. WJD van Wyk (emeritus) is op 19 Julie 2021 oorlede. Ons bid sy naasbestaandes die troosryke bystand van die Here toe.

## SKOOLKWARTALE 2021

Vierde kwartaal: 11 Oktober – 15 Desember

## CVO-SKOOLKWARTALE 2021

Vierde kwartaal: 11 Oktober – 8 Desember

## *DIE BOODSKAPPER*

### Wil u graag in *Die Boodskapper* adverteer?

Stuur 'n e-pos na boodskapper@apk.co.za indien u enige navrae het.

### Inskrywing 2021 – Elektronies

Om elektronies op *Die Boodskapper* in te teken, stuur 'n e-pos na boodskapper@apk.co.za en ontvang die nuutste uitgawe interaktief en in volkleur teen R140 per jaar (slegs die helfte van die gedrukte prys).

### Advertensietariewe 2021

| Grootte | mm (hoogte x breedte) | Prys (swart & wit) | Volkleur |
|---|---|---|---|
| **1/16 blad** | 40 x 90 mm | R190 | *Nie beskikbaar* |
| **1/8 blad** | 65 x 90 mm | R480 | *Nie beskikbaar* |
| **1/4 blad** | 124 x 90 mm | R990 | R2 200 *(slegs b.a.)* |
| **1/2 blad** | 124 x 180 mm | R1 700 | *Nie beskikbaar* |
| **Volblad** | 246 x 180 mm | R2 800 | *Nie beskikbaar* |
| **Binne-agter – 1/2** *(indien beskikbaar)* | 148 x 200 mm | Volkleur | R3 500 |
| **Binne-agter – vol** *(indien beskikbaar)* | 297 x 210 mm | Volkleur | R5 200 |
| **Agterblad – 1/2** *(indien beskikbaar)* | 148 x 200 mm | Volkleur | R3 800 |
| **Agterblad – vol** *(indien beskikbaar)* | 297 x 210 mm | Volkleur | R6 300 |

*50% afslag op R1 000 en meer indien AP-kerksake geadverteer word.*

## Verskyningsdatums 2021

| Maand | Kopie in by Redakteur | Verskyningsdatum |
|---|---|---|
| **November 2021** | 16 September | 26 Oktober |
| **Des. 2021/Jan. 2022** | 14 Oktober | 25 November |

## FEES- EN OPENBARE VAKANSIEDAE* 2021

| | |
|---|---|
| **10 Oktober** | Krugerdag |
| **31 Oktober** | Hervormingsfees |
| **16 Desember*** | Geloftedag |
| **25 Desember*** | Christusfees |
| **26 Desember*** | Openbare vakansiedag |
| **27 Desember*** | Openbare vakansiedag |

## FEES- EN OPENBARE VAKANSIEDAE* 2022

| | |
|---|---|
| **1 Januarie*** | Nuwejaarsdag |
| **21 Maart*** | Openbare vakansiedag |
| **6 April** | Van Riebeeckdag |
| **15 April*** | Goeie Vrydag |
| **18 April*** | Gesinsdag |
| **27 April*** | Openbare vakansiedag |
| **1 Mei*** | Openbare vakansiedag |
| **2 Mei*** | Openbare vakansiedag |
| **26 Mei** | Hemelvaart |
| **31 Mei** | Republiekdag |
| **5 Junie** | Pinksterfees |
| **16 Junie*** | Konsentrasiekampdag |
| **9 Augustus*** | Openbare vakansiedag |
| **14 Augustus** | GRA-dag |
| **24 September*** | Openbare vakansiedag |
| **10 Oktober** | Krugerdag |
| **30 Oktober** | Hervormingsfees |
| **16 Desember*** | Geloftedag |
| **25 Desember*** | Christusfees |
| **26 Desember*** | Openbare vakansiedag |



# God genees ons in Christus van blinde skynheiligheid

**Ds. Jannie Bisschoff**

**Skriflesing:** Jes. 1:1-20 • **Teksvers:** Jes. 1:18

Hoe het ons in hierdie benarde posisie beland waarin ons onsself vandag bevind? Die meeste van ons het waarskynlik al iewers probeer om hierdie vraag te beantwoord. Daar is verskeie redes wat ons oor die algemeen vir die chaos rondom ons wil aanvoer. Redes soos: Ons politieke leiers het ons in die steek gelaat; hoofstroomkerke het ons op 'n dwaalspoor gelei; die jastemmers van 1992 het die land weggegee; Hollywood en die internet het ons verlei.

Hoewel hierdie dinge 'n rol te speel het, kyk baie mense die eintlike oorsaak vir ons benarde toestand mis. Die vergrootglas word in Jesaja 1 baie naby aan die werklike probleem gebring en dit is 'n pynlike proses. Jesaja 1 is eintlik minder soos 'n vergrootglas en meer soos die skalpel wat 'n chirurg gebruik om 'n sweer oop te sny sodat die infeksie kan dreineer. Is ek en jy bereid om die Goddelike "chirurg" naby genoeg aan ons siele toe te laat dat daar vir ons genesing kan kom? Sien ons kans vir die pyn wat noodsaaklik is voordat ons weer gesond kan word?

## Geestelike blindheid: Die bewys van opstand teen God

Net soos in die tyd van Jesaja, is die probleem vandag dat baie mense vas oortuig is dat hulle nie 'n dokter nodig het nie. Juda het nie besef hoe ver hulle afgedwaal het nie. Hulle is God se kinders, maar hulle erken Hom nie as hulle Vader nie (v. 2). Hulle is dommer as diere, want 'n os en 'n esel weet wie vir hulle sorg, maar Juda het geen begrip vir die feit dat die HERE hulle dra nie (v. 3). Hulle het eerder onder die terpentynbome en in die bosse die vrugbaarheidsgode gedien en hulle heil van hierdie afgode verwag (v. 29), terwyl hulle die rug op die HERE gedraai het (v. 4).

Die bewys vir hierdie opstand teen God, is die feit dat Juda blind geword het vir God se handelinge. In verse 5-7 beskryf die HERE hoe ver Hy al moes gaan om sy volk uit hulle blindheid wakker te skud. Dit wat Hy reeds voor die intog belowe het, was besig om te gebeur. Deuteronómium 28:15: *Maar as jy nie luister na die stem van die HERE jou God, om sorgvuldig te hou al sy gebooie en sy insettinge wat ek jou vandag beveel nie, dan sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou inhaal.*

God se waarskuwings was besig om in vervulling te gaan. Die omringende volke het hulle onderdruk en hulle was 'n speelbal van die wêreldmoondhede soos Egipte en Assirië. Tog kon hulle net nie insien dat hierdie dinge die HERE se tugtiging as gevolg van hulle sonde was nie. In die proses het hulle hul harte net verder teen God verhard en agter die afgode aangeloop.

Erken óns God as ons Vader of het ons ook dommer as osse en esels geword, terwyl ons voortgaan om ons afgode te dien? Ons het ook maar die geneigdheid om ons heil in ander dinge as in die Here te soek: dit is ons vernuf en harde werk wat kos op die tafel sit; dit is langtermyn weervoorspellings en presisieboerdery wat sorg dat ons goeie oeste afhaal; dit is tegnologie en vooruitgang wat ons toekoms verseker; dit is 'n spesifieke politieke party of organisasie wat weer vir ons die lig sal laat skyn. Hierdie dinge het ons gode geword waarop ons eerder vertrou as op die Here.

In die proses het ons egter ook blind geword vir God se handelinge met ons. Die wêreld rondom ons is in 'n warboel, maar ons sien nie raak dat die Here besig is om daardeur met ons te praat nie. God praat hard en duidelik deur dinge soos 'n pandemie, ekonomiese in-

eenstorting, geweld, droogtes en vloede. Wanneer ons egter die skuld vir al hierdie dinge op byvoorbeeld China, die regering, aardverwarming, of wat ook al anders te wil pak, druk ons ons ore styf toe vir God se bulderende waarskuwings.

### Geestelike blindheid word veroorsaak deur skynheiligheid

Waarom is ons, net soos die mense in Jesaja se tyd, blind vir God se handelinge en vir ons eie opstand? Die HERE sê in verse 10-15 dat sy volk se blindheid deur hulle skynheiligheid veroorsaak word. Hulle het in werklikheid net so ver geval soos Sodom en Gomorra, maar hulle besef dit nie, want hulle is steeds besig met die uitwendige handelinge van hulle godsdiens. Hulle dink dit is genoeg om die offers te bring, die feeste en Sabbatte te hou en hulle gebedsformules op te sê. Hierdie dinge moes die HERE tevrede hou, sodat Hy steeds verplig was om hulle te seën.

Dit was egter juis hierdie uiterlike handelinge wat die inwendige verrotting van hul siele verdoesel het. Die HERE verwyder egter al hierdie kamoeflering om die verrotting van hul siele te ontbloot as Hy reeds in vers 4 die terme ophoop om hulle sondigheid te beskryf: Hulle is 'n sondige nasie, swaar van skuld, kwaaddoeners wat verderflik handel. As die groot Goddelike "chirurg" gebruik Hy die skalpel van sondebesef om die swere oop te sny. Dit is pynlik, maar daar sal nie genesing kom alvorens die sweer oopgesny word nie.

In hoe 'n mate kamoefleer óns godsdienstige handelinge die verrotting van ons siele? Ons is geneig om te dink: "Ek is 'n goeie mens. Ek gaan kerk toe, gee 'n bydrae, lees my Bybel en bid. Ek is nie so sleg soos sovele ander nie." Maar hoe dikwels is ons bereid om die Heilige Gees toe te laat om deur al hierdie lae te sny, sodat ons eerlik na die werklike toestand van ons siele kan kyk? Ons sal dalk verbaas wees om uit te vind dat – anders as wat ons graag wil glo – swere nie iets is wat net vuil en agterlike mense kry nie. Nee, ons eie siele is deurtrek daarvan.

### Christus genees ons blinde skynheiligheid

Die eerste stap tot genesing is 'n diepgaande sondebesef. Die Here moet deur sy Gees en Woord die sweer van ons siel oopsny. Dit kan egter nie daar bly nie. Deur belydenis van ons sonde moet die sweersel ook voor God na die oppervlak gedruk word. Daarom vind ons die wonderlike uitnodiging van die Here in vers 18: *Kom nou en laat ons die saak uitmaak …* Moenie toelaat dat daardie sweer oorgaan tot bloedvergiftiging en uiteindelik die dood veroorsaak nie. Bring dit eerlik voor die Goddelike "chirurg". Moenie skaam wees om al die vuilheid van jou siel voor Hom bloot te lê nie. Hy gee jou immers die uitnodiging en die opdrag daartoe.

Sondebesef en -belydenis is nietemin nog nie genoeg om genesing te bewerkstellig nie. Die wond moet ook ontsmet word. In vers 18 belowe God hierdie reiniging: *… al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.* Daardie rooi, opgehewe sweer wat die sonde op ons siele laat, wil God reinig en skoon was nadat die vuilgoed uitgesny is.

Hoe is dit moontlik? In 1 Johannes 1:7 hoor ons: *… die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.* Daar is dus maar net een manier waarop ons "skarlakensondes" wit soos sneeu gewas kan word en dit is deur die bloed van Jesus Christus. In ons plek het Christus die ewige oordeel wat ons vir ons opstand verdien, gedra. Aan die kruis het Hy "ter helle neergedaal" soos ons elke Sondag in die Twaalf Artikels bely. Anders gestel: Tydens sy ganse lyding, maar veral aan die kruis het Hy helse smarte verduur, sodat ek en jy daarvan verlos kan word. Deur die geloof in Christus, deel ons in hierdie reiniging.

Nou kan die bekering ook volg waarvan daar in verse 16 en 17 sprake is. Noudat ons skoongewas is in Jesus Christus se bloed, kan ons die boosheid van ons handelinge voor God se oë wegneem en Hom in gees en waarheid aanbid. Dít is aanbidding wat vir God aanneemlik is. Ons kan in ons persoonlike lewens ophou om kwaad te doen en leer om goed te doen. In ons verhoudings met ander kan ons strewe na reg en billikheid, terwyl ons die noodlydendes ondersteun en versorg.

### Slot

Hoe het ons gekom tot waar ons vandag is? Dit help nie om die skuld vir ons penarie op allerhande ander plekke en persone te wil pak nie. In Jesaja 1 bring die Here die skalpel tot teenaan die sweer wat op elkeen van ons se siel uitbult. Gaan ons terugdeins en weghardloop omdat ons nie kans sien vir die pyn wat genesing voorafgaan nie? Of gaan ons deurdruk, toelaat dat God die sonde uitsny, die genesing aanvaar wat daar in Christus Jesus is en ons bekeer van ons bose weë? Mag ons deur die genade van God en die werking van die Heilige Gees hierdie genade aangryp.



# Calvinisme as wortel van ons volksbestaan (Deel 1)[1]

**Prof. HG Stoker (1899-1993)[2]**

**"Ons gaan met 'n vaste vertroue op 'n alsiende en genadige God wat ons altyd sal vrees en in alle nederigheid sal probeer gehoorsaam." Só lui 'n uitspraak uit die manifes van Piet Retief.**

"Ek is oortuig dat God sy mense nie sal verlaat nie, al lyk dit so. Daarom onderwerp ek my aan Gods wil. Hy is die Heer, Hy het al die harte in sy hande en bestuur hulle na sy wil," het SJP Kruger gesê toe hy verneem het van die vrede ná die Tweede Engelse Oorlog.

Uit dergelike Godsvertroue spreek die gees van die Calvinis. "Die Godsvertroue staan vas, of dit golfies is wat saggies teen die rots kabbel en of dit skuimende branders is wat daarteen slaan. Hierdie geloofsvertroue gee hom die versekerdheid dat alles uit God, deur Hom en tot Hom is. Hy spreek dit uit in geloofstaal: 'God is 'n toevlug en sterkte ... Daarom sal ons nie vrees nie, al skud die aarde en al wankel die berge weg in die hart van die see.' Sy oor hoor die stem uit die ewigheid: 'Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie.'"[3]

Vergelyk met hierdie taal die gebed van Jan van Riebeeck. Vergelyk hiermee uitsprake van die Sinode van Dordt, van ons Nederlandse Geloofsbelydenis (onder meer artikel XIII), van die Hugenote (onder andere van Casper de Coligny) en van Calvyn. Vergelyk hiermee die openbaring van God in sy Woord.

Nie verniet eindig ons met hierdie oorsig by die Heilige Skrif nie. Want al die betrokke uitsprake is gegrond op die Woord van God. Die geloof in: die Bybel as die onfeilbare Woord van God; God as die Skepper van hemel en aarde; 'n drie-enige God; die geloofsoortuiging dat waar God spreek, dit alle menslike teëspraak stuit – dit alles is kenmerkend vir die Calvinisme.

*As eerste fundamentele beginsel* leer die Heilige Skrif ons: *Uit Hom, deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen* (Rom. 11:36). Hierdie radikaal teosentriese waarheid lê ten grondslag van die Calvinistiese kennisse aangaande God, van die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing en van die Calvinistiese lewenshouding, lewenstyl en lewenswandel.

Volgens die Heilige Skrif – en daarom vir die Calvinis – is hierdie grondbeginsel universeel: dit betref alle dinge. Kenmerkend is dan ook dat die Calvinis universeel uit hierdie grondwaarheid lewe en die universaliteit van hierdie beginsel konsekwent bely. Hy weet dat God alles bestuur en alles beskik, dat alles in sy hande is en dat die mens in alles wat hy doen en laat, voor God se aangesig staan en vir alles wat hy doen en laat, aan God verantwoordelik is.

Hierdie grondwaarheid gee egter ook die *eenheid* aan sy geloof en aan sy lewens- en wêreldbeskouing, aan sy lewenshouding, lewenstyl en lewenswandel, aan sy hele lewenservaring, ja, aan alles wat bestaan en aan alle verskeidenheid van en in God se geskape heelal. Hiermee saam bely die Calvinis ook dat God absoluut soewerein is oor alles wat Hy geskape het en ook oor die mens in al sy doen en late. Hy is Wetgewer vir alles wat bestaan en het sy ordinansies vir alles gestel. In al sy doen en late staan die mens onder die wil en die wet van God en moet Hom in alles gehoorsaam wees.

Implisiet is in beide beginsels die volgende gestel, naamlik "de waarheid *dat de wêreld Gods wêreld is.* Ze ontstond door Hem, maar ze bestaat ook voor Hem. De redding van de enkele mensch is voor dien mensch gewichtig, maar het Calvinisme plaatst dat niet in het centrum van zijn beschouwing. Dit centrum ligt elders, nl. in de

redding van de gansche wêreld ... Daarom moet elke levensuiting: Kerk, Staat, Maatschappij, Wetenschap, Kunst, gezien worden als in constante relatie tot den Almachtige te staan. Daarom kan de Calvinist niet blijven staan bij de Kerk alleen; daarom moet ook het natuurlijk leven gezien worden te staan onder de heerschappij van de fundamenteele gedachte."[4]

Hierdie wêreld, die hele skepping, ook die mens met sy godsdiens en kultuur, dit wil sê, met sy sedelike optrede, met sy regsvorming, met sy kunsskepping, sy bou van taal, van wetenskap en van ekonomie en handel, ja, met sy hele geskiedenis, ook met sy kerk, met sy staat en politiek, met sy volksbou, gesinsvorming en maatskappyvorming, met sy hele lewe, ook sy natuurlike lewe – dit alles behoort aan God en staan in sy diens en is bestem tot sy eer en verheerliking. Christus is nie net Verlosser en Saligmaker van die in sonde gevalle mens nie, maar ook Herskepper van die ganse heelal, Koning op alle terreine van menslike bedrywigheid en nie net van sy kerk nie.

**Die Woord van God is nie net bedoel om die mens op die kruis van Christus te wys nie, maar belig die hele werklikheid en is orals "'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad" (Ps. 119:105).**

Hierdie waarheid bely en handhaaf die Calvinis in alle konsekwensie. Daardeur breek hy radikaal met die dualisme van die Rooms-Katolisisme, naamlik die leer van die twee terreine, naamlik die van die genade en die van die natuur. Maar daarmee verskil hy ook van alle parsiële Christendom (soos die Lutheranisme, metodisme, Barthianisme), wat die Christendom beperk tot kerk en godsdiens en die sedelike. En daarmee breek hy ook met alle Christendom (soos die liberalistiese, die kritisistiese en die dialektiese) wat nie die Bybel as geheel as die onfeilbare Woord van God en as 'n lig op alle lewensterreine aanvaar nie.

Dit is dan ook alleen die Calvinisme wat as 'n totalitêre Christendom *in alle konsekwensie* die noodsaaklikheid insien van 'n Christelike wetenskap, politiek, kuns, ekonomie, ja, van die christianisering van die hele kultuur. Dit stel nie net die noodsaaklikheid van 'n Christelike godsdiens nie, maar ook die eis van 'n Christelike verlowing, 'n Christelike huwelik, 'n Christelike gesin, 'n Christelike volk, 'n Christelike skool, 'n Christelike vakvereniging, ja, van die christianisering van die hele samelewing. Dit beywer hom nie net vir en in 'n Christelike kerk nie.

Dit is 'n beginsel wat ook in die ontwikkeling van ons volkslewe en volkskultuur deurgewerk het. Dit is tot die bevordering van hierdie beginsel dat ons volk ook sy besondere bydrae gelewer het (soos onder meer grotendeels spreek uit sy rassebeleid). Ondanks, maar juis op grond van sy totalitêre christianisering van die hele lewe, *eerbiedig die Calvinis die beginsel van samehangende verskeidenheid.* God het 'n verskeidenheid in sy skepping gelê en laat ontwikkel, 'n verskeidenheid wat saamhang, maar wat sy uiteindelike eenheid in God se veelkleurige wysheid en in sy skeppings- en bestieringswil vind. Die Calvinis soek geen skeiding van lewensterreine en van samelewingskringe nie.

Die Calvinis soek aan die een kant geen skeiding van kerk en volk, kerk en staat, kerk en maatskappy, kerk en skool, ensovoorts, en van godsdiens en wetenskap, godsdiens en politiek, godsdiens en ekonomie, godsdiens en kuns, kuns en sedelikheid, ensovoorts – soos die liberalis byvoorbeeld doen – nie. Die Calvinis soek 'n verband, 'n samehang en samewerking tussen al die terreine en al die kringe. Aan die ander kant soek hy geen gelykmaking, geen gelykskakeling, geen nivellering (skakerings/teëstellings wegwerk en daardeur verarm/vervlak) van verskille en geen uitwissing van grense tussen kerk en staat, kerk en volk, kerk en maatskappy, kerk en skool, ensovoorts, en tussen godsdiens en wetenskap, godsdiens en kuns, godsdiens en politiek, godsdiens en ekonomie, kuns en sedelikheid, ensovoorts nie, maar 'n skerpe onderskeiding tussen al hierdie terreine en al hierdie kringe. Want elke kring en elke terrein het sy besondere eie-aard, staan onder besondere ordinansies van God, het sy besondere bestemming en is in sy besonderheid soewerein in eie kring.

Die konsekwente erkenning van 'n samehangende, maar onherleibare en niegelykmaakbare verskeidenheid is 'n eg Skriftuurlike beginsel. Ook is dit 'n beginsel wat in God se skepping geleë is; 'n beginsel waaraan Calvyn reeds op verskillende maniere eksplisiet uitdrukking verleen het, onder meer in die bepaling van die verhouding tussen kerk en staat. Dit is 'n beginsel wat juis ook in die Afrikaner se rassebeleid duidelik tot uitdrukking kom.

---

1 Oorspronklik gepubliseer in *Koers*, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom – *Jan van Riebeeck-Feesnommer;* XIX, 4; Februarie-April 1952. Die artikel is deur die redaksie verkort ter wille van publikasie in *Die Boodskapper*.

2 Voormalige hoogleraar in Wysbegeerte aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

3 Prof. dr. JD Kestell in *Koers in die Krisis I* (Uitgawe van die Federasie van Calvinistiese Studenteverenigings), Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1935.

4 Dr. H Colijn destydse Eerste Minister in Nederland.

Dit is hierdie verskeidenheidsbeginsel wat die Afrikaner so sterk bewus gemaak het van sy eie identiteit as volk, soos onder meer blyk uit sy rassebeleid, uit sy stryd teen verengelsing, uit die Groot Trek, uit die Engelse Oorloë, uit die stryd om 'n eie taal, 'n eie kultuur, 'n eie skool, 'n eie politieke organisasie, 'n eie ekonomiese ontwikkeling en so meer. Maar hierdie identiteitsbewussyn stel sy identiteit voor God se aangesig as 'n identiteit deur Hom gewil; met ander woorde, sy identiteitsbewussyn word *gedra en verdiep deur sy roepingsbesef.* Hy glo dat God hom hier as volk geplant het, sy besondere aard en sy eie identiteit as 'n bestemming geskenk het om aan die suidelike deel van ons Afrikaanse kontinent, ja, selfs vir die hele kontinent 'n besondere roeping te vervul, 'n bepaalde taak te verwesenlik, wat God hom opgelê het.

'n Roeping. Let op hierdie woord. "Die woord 'roeping' het vir ons 'n heilige klank en 'n heiligende krag. Omdat dit veronderstel stipte gehoorsaamheid aan die stem van die Here! (vgl. 1 Sam. 15:22). Dieselfde God wat van ewigheid tot ewigheid deur sy uitverkiesing oor ons lewe beskik, bepaal ook ons bestaan op aarde. Sodra daarom die sielelewe van die gelowige ontwikkel, sodat hy kan dink en wil, roep God hom tot sy besondere lewenstaak en gee hom daartoe sy aanstelling. Vat dit streng op. Hierdie waarheid laat ons met bewende erns verskyn voor God, ons Skepper en ons Regter tewens. Eenmaal geroep – en ons behoort vir altyd, hetsy dat ons lewe of sterwe, aan die Here (Rom. 14:8).

"Alle eiewilligheid is dan op 'n end ... Die woord 'roeping' het dus 'n skerpe klank. Maar daarom vrees ons nie daarvoor nie. Inteendeel, dit is vir ons die skerpe klank van krygsmusiek; ... die krygsmusiek van die roeping van God dien om ons uit ons ywerloosheid op te skrik en ons te besiel met 'n blye gees, sodat ons met moed verder kan gaan."[5] Deur ons in ons besondere omstandighede en met ons besondere identiteit te roep, stel God ons ons taak en staan ons in sy diens, juis ook as Afrikanervolk.

Uit sy hele geskiedenis en sy stryd op die onderskeie lewensterreine blyk duidelik dat en hoe die Afrikaner roepingsbewus was. Maar nog meer; vir hom was – eg Calvinisties, met ander woorde, suiwer Skriftuurlik – roeping en vryheid innig en wesentlik verbind. Die Afrikaner se vryheidsbesef het in sy roepingsbesef gewortel; hy het juis sy vryheid opgevat as 'n van God gegewe kleinood, wat hy as persoon en as volk moet bewaar en handhaaf. Sy vryheidsin was nie die van die Franse Revolusie, met sy volksoewereiniteit en sy 'geen God en geen meester bo ons nie'. Dit was nie die vryheidsin van die liberalis, wat individuele selfbestemming as die laaste grond van sy vryheid sien nie en ook nie die van die uitheemse Nasionaal-Sosialis, wat menslike vryheid slegs in die volk se selfbestemming fundeer nie.

Die vryheidsin van die Afrikaner was veranker in God. Vryheid was vir hom die aan God verantwoordelike verwesenliking van 'n individuele en sosiale van God gegewe menslike bestemming – 'n bestemming waarvoor God aan hom as individu en as sosiale wese, veral ook as volk, sy besondere identiteit, sy besondere omstandighede en geleenthede en daarvolgens sy besondere taak gee. Dit is hierdie vryheidsin van die Afrikaner op die verskillende lewensterreine waarvan sy geskiedenis, veral in sy groot momente, so kragtig getuig. Dit is 'n vryheidsin wat gekenmerk word deur 'n verantwoordelikheidsin teenoor die Gewer van sy vryheid. Uit hierdie vryheidsin het sy moed en heldedade voortgespruit. Dit is 'n vryheidsin wat ons histories kan terugvoer tot die van Geus en Hugenoot, tot die van die Calvinistiese reformatore, soos dit wortel in die volle waarheid van die Woord van God.

> **Vir die Calvinis – en so ook vir die Afrikaner – was daar altyd 'n intieme verband tussen identiteit, roeping en vryheid en tussen sy identiteitsbewussyn, sy roepingsbesef en sy vryheidsin – en dit op alle lewensterreine.**

Moet ek nog uitwei oor sy eerbiediging van die *wet* en *wil* van God en sy paring van 'n nugtere werklikheidsin met 'n beginselidealisme? Moet ek uitwei oor sy besondere eerbiediging van gesag in menslike verhoudings, soos dit so sterk uitgekom het byvoorbeeld in sy sin vir die patriargale gesag in gesinsverhoudings, of oor ander fundamentele bepalings van sy Godsgeloof, van sy lewens- en wêreldbeskouing en van sy lewenshouding, lewenstyl en lewenswandel?

Wie hom in bostaande lyne verdiep en daardie lyne in ons volksgeskiedenis raaksien, sal toestem dat met reg gespreek kan word van die Calvinisme as wortel van ons volksbestaan. 'n Volk het wel 'n fisiek-biotiese kant (afstammingsverwantskap), maar ook 'n geestelik-kulturele kant, 'n geestelike erfenis wat deur tradisie van geslag tot geslag oorgedra en deur progressie uitgebou word. Dit is juis wat sy geestelike erfenis betref, dat ons kan praat van die Calvinisme as wortel van ons volksbestaan.

Ons kan die Calvinisme as wortel van ons volksbestaan eerstens horisontaal, dit wil sê, in historiese lyn, sien. Die oorspronklike koloniste, die latere Hugenote en ander immigrante, waaruit ons volk ontstaan en geword het, het (globaal gespreek) met 'n Calvinistiese lewenshouding en 'n Calvinistiese Godsgeloof en lewens- en wêreldbeskouing – met ander woorde, met 'n Calvinistiese geestesgoed – hierheen gekom. Ons volk is met hierdie Calvinistiese geestelike erfenis gebore en het hiermee grootgeword.

Tweedens kan ons die Calvinisme as wortel van ons volksbestaan in vertikale lyn sien; dit wil sê, in die verhouding waarin ons volk gedurende sy geskiedenis hom bewustelik tot God gestel het. Die grond hiervan is veral dat ons volk in die mate dat hy in die binneland ingetrek en later na die noorde getrek het, in 'n betreklike afsondering van die buitewêreld gelewe het, teenoor gevare en bedreiginge van die nog woeste natuur en naturellestamme te staan gekom het en as geestelike besit juis en veral gehad het die Statebybel, die Psalmboek met sy Nederlandse Geloofsbelydenis en werke van gereformeerde outeurs.

Juis in hierdie omstandighede het hy hom telkens opnuut onmiddellik tot God gerig en dit het die vertikale worteling van ons volksbestaan in die Calvinisme in 'n besondere sin bevestig. Hiermee word nie betoog dat elkeen wat hom hier in ons sonnige Suid-Afrika kom vestig het en tot ons volkswording bygedra het en elke volksgenoot tydens die geskiedenis van ons volk as Calvinis bestempel moet word nie. Die geskiedenis getuig wel anders. Ook ons volkslewe ken, soos die van ander volke, meer as een geestesrigting. Maar die Calvinistiese rigting het sowel in die oorsprong as in die geskiedenis van ons volk die sentrale en die oorwegende, met ander woorde, die geestelike kern van ons volksbestaan gevorm. Vanaf sy oorsprong en in sy geskiedenis was ons 'volksideologie' wesentlik Calvinisties.

Daaruit moet ook verklaar word dat gedurende ons volksbestaan (tot onlangs) vreemde ideologieë wat van buite af ingebring is, hulle nie in hul radikale aard hier kon handhaaf en geen radikale invloed op ons volksbestaan uitgeoefen het nie, maar Calvinisties getemper en omgevorm is. Seker, die idees van die Franse Rewolusie het hier posgevat, maar nie in hul radikale vorm van 'geen God en geen meester oor ons' nie, maar is grotendeels aangepas by die bestaande Calvinistiese geestesrigting. Dieselfde kan gesê word van ander rigtings, soos die rasionalisme, die liberalisme, die metodisme en selfs die Nasionaal-Sosialisme.

Ek wens dat 'n Calvinistiese historikus sou opstaan wat 'n 'ideologiese' geskiedenis van ons volk op alle terreine (kerklik, staats, volks, maatskaplik, kultureel, en so meer) sou beskryf. Só 'n geskiedskrywing sal myns insiens bevestig wat hierbo gestel is, naamlik dat die Calvinistiese waarheid, die Calvinistiese lewenshouding, lewenstyl en lewenswandel, kortom, die Calvinisme as omvattende 'ideologie' en krag, die eintlike geestelike wortel van ons volksbestaan is.

Die Calvinisme is in sy grondbeginsels en in sy grondhouding universeel en orals dieselfde. Dit is egter in sy historiese verwerkliking gevarieerd en vorm en ontwikkel in elke volk met sy besondere aard en omstandighede 'n besondere tipe. "Die Afrikaanse Calvinisme is elementêr, minder filosofies deurdink en uitgewerk as in ouer lande; dit is egter ook meer spontaan en prakties in sy toepassing op die volkslewe, wat trouens in 'n jong land soepel en nog nie gestereotipeer is nie. Hy het voor 'n toets te staan gekom en dit glansryk deurstaan, naamlik om sy houding te bepaal teenoor die naturellevraagstuk.

**"Spontaan het die eenvoudige Boer-Calvinis die patriargale houding gekies en vir geslagte volgehou. Dit het van beslissende waarde geblyk vir die sedelike en nasionale bestaan van die Afrikanervolk. Dat 'n handvol witmense hulle rein gehou het, met weinig uitsonderings van menslike swakheid, in 'n swart see van barbaredom, is 'n skitterende vindikasie van die Calvinisme as 'n kolonisasie-prinsipe. 'n Vergelyking van Suid-Afrika met Suid-Amerika is in die opsig baie leersaam!**

"Dit kom ons voor dat hy aan die Nederlandse Calvinisme sy lewenserns, sy leer- en kerkvastheid en sy nugterheid te danke het; aan die Franse Calvinisme sy kinderlike en diepe vroomheid; aan die Engelse, al is dit indirek, sy onmiskenbare Puriteinse inslag. Sy spontaan ontwikkelde en sy oorgeërfde goeie eienskappe het hy onder Gods seën hard nodig om die groot vyande te weerstaan wat hom belaag (bedreig): metodisme, modernisme, isolasie, gebrek aan deurgevoerde organisasie en swart en wit heidendom."[6]

5 Prof. JD du Toit in *Koers in die Krisis I*.

6 Prof. G Besselaar in *Koers in die Krisis I*.



# Calvinisme as wortel van ons volksbestaan (Deel 2)[1]

**Prof. HG Stoker**

**As ons vandag op ons volk let, dan is dit opvallend dat veral in die afgelope vyftig jaar ons volk oorstroom is met vreemde "ideologieë" en dat geestelike verwarring op verskillende terreine intree. Desnieteenstaande ontbreek by ons volk oorwegend die bewuste antitese.**

In die buiteland (byvoorbeeld in Europese en Noord-Amerikaanse lande) bestaan die bewuste antitese van Calvinis en anti-Calvinis, van Christen en anti-Christen. Daar kom 'n ateïs vir sy oortuigings uit en vorm 'n ateïstebond; daar val die materialis die Christendom aan en vorm 'n bond van materialiste; daar bestry die nie-Christelike sosialisme die Christendom; daar beveg die konsekwente liberalis en humanis sowel as die konsekwente positivis en evolusionis, die Christen.

Maar hier by ons wil in die algemeen almal nog as Christen beskou word, voel byna elkeen dit as 'n oneer aan om as 'n ongelowige of nie-Christen bestempel te word, verkies byna elkeen nog dat sy kinders gedoop sal word en dat hy 'n kerklike begrafnis sal kry – en dit juis ook by baie van origens kerklosse en kerklose volksgenote wat die Calvinisme, ja, selfs die Christendom in ruimer sin, vaarwel gesê het.

Waarom ontstaan hier by ons vandag geen radikale antitese nie en waarom wil so te sê almal nog vir Christene deurgaan? Is dit nie die gevolg van die kragtige invloed van ons Calvinistiese erfenis nie? Is dit nie die gevolg daarvan dat die Calvinisme die geestelike wortel van ons volksbestaan is nie? Het ons hier nie te doen met die invloed van ons Afrikaanse Calvinisme op hulle wat die Calvinistiese pad van Suid-Afrika verlaat het nie? Sou hier by ons die antitese (soos in die geval van ander volke) nie ontstaan het as die Calvinisme nie die wesentlike en sentrale krag in ons volkslewe gewees het en daardeur selfs hulle wat die geloof van die vaders vaarwel gesê het, so beïnvloed het dat hulle nog as Christene beskou wil word nie? Hier werk – eienaardig genoeg – die invloed van die Calvinisme deur tot sy eie nadeel. Want in die huidige verwarring kan die Calvinisme slegs deur die antitese suiwer bewaar word en suiwer van invloed bly.

> **Maar is die Calvinisme nog wortel van ons volksbestaan? "Die grondbeginsels van Calvyn was bekend in ons land; ... hulle behoort nog bekend te wees, maar dit is veelsins nie die geval nie. Die lyne van die Calvinisme, wat duidelik in ons volkslewe te sien was, is verdof en vervaag."[2]**

Wat het gebeur? Deur sy betreklike geïsoleerdheid van die buiteland en van die buitelandse invloede, asook deur sy jeugdigheid en soepelheid en deur die gebrek aan kennis en aan kulturele vorming soos deur die omstandighede bepaal, het ons volk nie die nodige geestelike wapens gehad teenoor die vreemde, maar hoër ontwikkelde en ouer kulture wat hulle hier kom vestig het nie – veral sedert die opheffingvan die betreklike geïsoleerdheid van ons volk sedert die einde van die vorige eeu. Die leiers van ons volk op die verskillende lewensterreine het bowendien in groot getalle na die buiteland gegaan om hulle vir hul taak hier te lande verder te bekwaam en het aan die voete van vreemde leermeesters gaan sit en vreemde leringe en oortuigings saam teruggebring. Immigrante van ander volke en ander rigtings het hulle in ons midde kom vestig en ons vreemde gewoontes, vreemde lewenstyle en vreemde lewenswandel geleer.

Onder hierdie stortvloed van vreemde invloede het ons volk voortgegaan om sy eie uit te bou, sy eie taal, sy eie letterkunde, sy eie kuns, sy eie politiek, sy eie

ekonomie, sy eie skool, ensovoorts. Maar hierdie uitbou het algaandeweg meer en meer in die teken van 'n sinkretisme te staan gekom.

Sinkretisme is in enger sin die vereniging van die Christelike met 'n heidense godsdiens, maar in ruimer sin, soos dit hier gebruik word, die vereniging van geloofsinhoude of van stelsels of van lewens- en wêreldbeskouings of van lewenshoudings, lewenstyle, lewensgewoontes en lewenswandel wat op botsende grondslae, op botsende fondamente of op botsende grondbeginsels rus. Waar die Calvinisme in ons volksgeskiedenis voorheen op vreemde "ideologieë" temperend en omvormend kon ingewerk het, daar het die vreemde "ideologieë" vandag so aan krag en invloed gewen dat hulle hulself in ons volkslewe en teenoor die Calvinisme kan handhaaf. En juis omdat die Calvinisme wortel van ons volksbestaan was en nog grotendeels is, ontstaan in ons volkslewe die sinkretisme van Calvinisme en modernisme, van Christendom en moderne heidendom, asook van gereformeerde en nie-gereformeerde religie.

Ons volk wil op die betrokke onderskeie terreine en in die betrokke onderskeie kringe sy Calvinisme verenig met, onder andere, modernisme, humanisme, liberalisme, positivisme, scientisme, evolusionisme, materialisme, pragmatisme, nasionaalsosialisme, ekonomisme, metodisme, irrasionalisme, eksistensialisme, en dialektisisme. Hy wil Calvinis en tegelyk iets anders wees. Die enigste rigting waarteen ons volk hom vierkant verset en waarmee dit (afgesien van enkele uitsonderlike gevalle) geen sinkretisme aangaan nie, is blykbaar die kommunisme.

Afgesien hiervan: Sinkretisties is ons huweliks- en gesinslewe; sinkretisties ons skoolwese; sinkretisties ons maatskaplike lewe; sinkretisties is ons pers (met sy onverkwiklike sensasionalisme); sinkretisties ons politieke organisasies en ons volksbewegings en volksorganisasies; sinkretisties is ons ekonomiese lewe en arbeidersorganisasies; verskillende staatswette; ons wetenskaplike denke; ons letterkunde; ons sedelike lewe; sinkretisties sou selfs ons godsdienstige en kerklike lewe genoem kon word weens die vereniging van die gereformeerde godsdiens en belydenis met die metodisme en met die dialektiese teologie.

Die gebrek aan bewuste antitese in ons volkslewe is maar die keersy van die sinkretisme. So sinkretisties as wat ons volk is, is ander volke nie. Sinkretisme by ons is 'n défaitistiese (lamsakkige) handeling waarmee die Calvinisme as wortel van ons volksbestaan hom nog probeer handhaaf teen die vreemde "ideologieë" wat vir hom te invloedryk is. Dit is 'n teken van swakheid.

Défaitisties – want sinkretisme beteken ontworteling van die Calvinisme as geestelike grondslag van ons volksbestaan. Die vreemde "ideologieë" in ons sinkretisme is soos die Trojaanse perd wat binne-in die geestelike vesting van ons volk indring en dit van binne af verower.

> **Vir die Calvinisme as wortel van ons volksbestaan is hierdie Trojaanse perd die grootste bedreiging, die gevaarlikste vyand.**

Ons het hier met 'n vyand te doen wat geen bewuste antitese wil laat ontstaan nie en gevolglik moeilik as vyand uitgeken kan word. Deur die sinkretisme word die Calvinisme al meer uit die sentrale en kernposisie in ons volkslewe verdring, sodat die Christelike karakter van ons volk al meer slegs 'n uitwendige vernis word.

'n Merkwaardige byverskynsel van die sinkretisme by ons, is wat 'n mens 'separatisme' kan noem, naamlik die skeiding van die kerk aan die een kant en die ander lewenskringe aan die ander kant en ook die skeiding van die godsdiens aan die een kant en die onderskeie kultuurterreine aan die ander kant; met ander woorde, die beperking van die Christelike lewe en Christelike beginsels tot kerk en godsdiens en die oorgawe van die ander kringe en terreine aan vreemde 'ideologieë'. Daar is 'n soort dualisme in die hele lewensoortuiging en lewenswandel. Hiermee word die grondbeginsel van die Calvinisme – "uit God, deur God en tot God is alle dinge" – prysgegee en daarmee ook al die ander Calvinistiese beginsels wat in hierdie beginsel wortel.

Is dit nog nodig om aan te toon hoe die sinkretisme die opvallend opportunistiese gees van ons volk in die onderskeie kringe en op die onderskeie terreine bepaal? Nog meer, die sinkretisme ondermyn ons volk se identiteitsbewussyn, sy roepingsbesef en sy vryheidsin. Dit word verder bevorder, onder andere, deur die talryke huwelike van Afrikaners met Engelse en deur die stuksgewyse aanvaarding van 'n nuwe vryheidsideologie binne die Britse Statebond en die toenemende prysgawe van ons Calvinisties-republikeinse ideale.

---

1 Tweede helfte van genoemde artikel. Verkort en aangepas vir DB.

2 Dr. H Colijn destydse Eerste Minister in Nederland, in Koers in die Krisis.

Deur die sinkretistiese ontworteling van die Calvinisme as wortel van ons volksbestaan is ons volk besig om in sy wese 'n ander volk te word. Let maar op ons monumentdae en hoe by elke volgende monumentdag die duidelike klanke van ons Calvinisme al minder hoorbaar word. Vergelyk in hierdie opsig die gees by die onthulling van die Vrouemonument te Bloemfontein, die gees by ons Ossewa-feeste en by die hoeksteenlegging van ons Voortrekkermonument, die gees by die Rapportryersfeeste en by die inwyding van ons Voortrekkermonument. Die Van Riebeeck-feeste mag veral staan in die teken van ekonomiese en industriële vooruitgang en ons kan hier, sowel as op ander terreine van ons volkskultuur, 'n vooruitgang bespeur waarvoor ons dankbaar kan wees. Maar beskou in die lig van ons volksverlede en in die lig van die Calvinisme as wortel van ons volksbestaan, staan die feeste in die teken van agteruitgang.

Die boodskap van hierdie feeste aan ons volk is daarom dié van die geestelike krisis waarin die sinkretisme ons volk laat beland het. Daardie boodskap stel ons volk ná 300 jaar voor die keuse om óf terug te keer tot die ou paaie, óf om homself te verloor en in 'n ander volk onder te gaan.

Nieteenstaande hierdie agteruitgang glo ek nog dat daar 'n kern van ons volk is wat aan sy verlede ten volle trou bly en in die regte rigting voortbou. Ek glo nog dat daar 'n tyd sal kom waarin God ons volk sal wakker skud tot 'n stryd wat die so nodige antitese sal skep en die toegedekte antitese, die dubbelslagtige en dubbelhartige karakter van die sinkretisme, sal ontbloot en daardeur vernietig – 'n stryd wat noodwendig op kerklike en godsdienstige terrein sal moet begin omdat die Calvinisme die geestelike wortel van ons volksbestaan is. Ek glo dit omdat die taak wat God aan ons volk hier in Suid-Afrika en ten bate van die hele Afrika gestel het, nog lank nie afgehandel is nie, 'n taak waarin die stryd tussen die Ooste en die Weste 'n sentrale rol gaan speel. Dat God ons volk roep, blyk duidelik uit die roeping van ons volk in die huidige wêreldverwarring.

# CALVINISTIESE ALLIANSIE KONGRES

Vanjaar se kongres van die Calvinistiese Alliansie (CA) vind plaas op **30 Oktober 2021** om **10:00** vm by die **Geloofsbond van Hervormde Kerke** te **Havelockstraat 15, Wilgerspark, Meyerspark, Pretoria.**


Die Bestuur wil hierdie geleentheid gebruik om al die lede, hul gesinne en familielede uit te nooi om die geleentheid by te woon. Dit is nie nodig om lid te wees van die CA nie. U moet egter 'n lidmaat wees van 'n gereformeerde protestantse kerk. Vanjaar se tema is: "Moet ek God gehoorsaam wees en die regering ongehoorsaam?" Nadat die spreker sy voorlegging gedoen het, sal 'n regsgeleerde repliek lewer.

Alle COVID-19-regulasies is van toepassing.
**Registrasiefooi is R50/besoeker.**

**Vir enige navrae, kan die Sektretaris van die CA geskakel word by 082 895 3975**

## Bad Religion: How We Became a Nation of Heretics

Om die onderwerp wat in die Oktober en November-uitgawes van *Die Boodskapper* aan die orde gestel word, beter te verstaan en dieper daarin te delf, is hierdie werk deur Ross Douthat onontbeerlik. Hoewel hy die geestelike verval in die Amerikaanse samelewing beskryf, is daar duidelike ooreenkomste met die Suid-Afrikaanse konteks wat ons nie durf ignoreer nie. Douthat voer aan dat Amerika se probleem nie "te veel godsdiens" is nie en ook nie "onverdraagsame sekularisme" nie, maar eerder "bad religion".



# Die Bybel in elke klaskamer

Op Vrydag, 27 Augustus 2021, het ’n besondere seremonie in CVO-Dankbaar se Bybellokaal plaasgevind. ’n Duursame 1933/53-vertaling van die Bybel is aan elke personeellid van die skool oorhandig om dit in ’n spesiale houtrakkie in hulle klaskamers te plaas.

“Deur al die jare was die Bybel in die wakis op die Groot Trek, in die saalsak op kommando tydens die Anglo-Boereoorlog en in die Parlement tydens Republiekwording. Ná 1994 is die Bybel egter uit die klaskamer gehaal en vandag plaas ons die Bybel letterlik weer terug in elke klaskamer en figuurlik in die harte van elke personeellid, leerling en ouer by ons skool,” aldus die skoolhoof, meneer Pieta Oosthuizen.

Hierdie poging was ’n inisiatief van die 2019-matriekklas as afskeidsgeskenk aan die skool om die verbintenis tussen skool, kerk en volk te versterk. “CVO-Skool Dankbaar se lewenstaak is juis om nie net gehalte onderrig aan Afrikanerkinders te verskaf nie, maar ook om seker te maak dat elke kind wat by die skool se hekke uitgaan, ten volle toegerus is met die volle wapenrusting van God.” Só verwoord meneer Cobus Venter dit in ’n groeteboodskap aan die skool. Hy was die destydse registeronderwyser wat aan die hoof van die fondsinsamelingspoging gestaan het.

Die Bybels is deur twee oudmatrieks, NJ Fourie en Zandri Botha, en ’n oudouer, mevrou Drienie le Roux, oorhandig en die plasing van die Bybel in die Bybellokaal het presies om 12:00 plaasgevind, toe die son die woorde van Matthéüs 19:14 op die Bybelmonument in die voorportaal verlig het:

*Maar Jesus sê: Laat die kindertjies staan en verhinder hulle nie om na My te kom nie; want aan sulkes behoort die koninkryk van die hemele.*

Voor in elke Bybel is ook ’n register geplak wat deur die betrokke klasonderwyser onderteken is. Voortaan sal elke nuwe personeellid wat by die skool aangestel word, se inhuldiging saamval met die plaas van sy/haar handtekening voorin sy spesifieke klas se Bybelregister.

Die oorhandiging van die Bybels het saamgeval met die eerste verskyning van die Afrikaanse Bybel op 27 Augustus 1933. Daarby was dit ook die tweede herdenking van die totstandkoming van die skool se Bybellokaal in 2019. Die Bybel in elke klaskamer help egter niks as ons dit nie in die Afrikaanse klas gebruik om ons opinie te versterk, of in die biologieklas om die evolusieteorie te weerlê en bevestiging te kry dat alles deur God se hand geskape is, of in die wetenskap- en wiskundeklas om die wetenskap wat geleer word, te ondersteun nie. Want: *Uit Hom, deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen* (Rom. 11:36).


*Zandri Botha (links) oorhandig die besigheidstudieklaskamer se Bybel aan mev. Ine-Marie Smith*


*Mnr. Pieta Oosthuizen (skoolhoof) plaas sy handtekening voor in een van die spesiale Bybels*


*Mnr. Manie Earle plaas die Bybellokaal se Bybel in sy kassie*



*Die 1933/1953-vertaling van die Bybel in sy spesiale houtkassie in Dankbaar se Bybellokaal*



# Calvinisme: Koers in die krisis vandag

**Prof. Henk Stoker**

## 1 WAAR EN ONWAAR

### *Dit is mý waarheid*

Hierdie jongmense kan van niks seker wees nie, behalwe dat hulle seker kan wees (in Descartes-styl) van hulle onsekerheid. So het ek bykans vier jaar gelede gevoel toe ek en twee kollegas 'n gesprek oor kennis en waarheid met 'n stuk of 500 eerstejaarstudente in die geesteswetenskappe gehad het. Op 'n vraag of daar iets soos waarheid is, het van die studente geantwoord dat "waarheid" subjektief is. In hulle woorde: *Iets is vir een mens waar, maar nie vir 'n ander nie.* Op die vraag wie met die siening saamstem, het die groep hulle hande opgesteek. Die gesprek het verder soos volg verloop:

**Kollega:** Hoe reageer jy as 'n dokter jou ondersoek oor 'n lastige pyn wat jy het en vir jou sê jy moet dadelik opgeneem word vir 'n blindedermoperasie? Sal jy rustig huis toe gaan en sê dit is sy waarheid, maar nie joune nie?
**Student:** Ek sal nie huis toe gaan nie, maar wel 'n tweede opinie inwin.
**Kollega:** Waarom?
**Student:** Om seker te maak hy praat die waarheid oor my blindederm.
**Kollega:** So daar is iets soos "die waarheid"?
**Student:** ... Seker ... ja.
**Kollega:** Is dit die waarheid dat die ingenieurs moet leer hoe beton versterk moet word sodat 'n brug waaroor ons ry nie inmekaartuimel nie, of kan elkeen maar net hulle eie waarheid hê van wat nodig is vir 'n brug om die verwagte gewig te dra?
Die student het ondertussen gaan sit.

### *Dit kan nie jóú waarheid wees nie*

Terwyl postmodernisme talle sekerhede van die modernistiese tyd bevraagteken, bly dit opvallend dat hierdie voorstanders van subjektiewe "waarheid" klaarblyklik nie iets soos evolusionisme bevraagteken nie. Dit word deur baie doodgewoon as "waarheid" aanvaar. Dat materie vanself uit niks kon kom deur 'n geweldige ontploffing, is tog iets wat nie sin maak nie. Hoe kon die materie wat ontplof of die energie wat vir die ontploffing nodig sou wees, bestaan het as daar regtig niks was nie? Dat niks deur niks alles kon maak en boonop so presies, is selfs meer vergesog as towery, waar jy darem nog 'n towenaar en allerhande hulpmiddels en beweging het. Dat geglo word dat niks vanself kan verander in iets en 'n heelal laat ontstaan waar van die grootste ster en ruimte, tot die kleinste atoom en elektron in balans is, wys hoe irrasioneel mense geword het. Dat dit boonop gebeur het volgens natuurwette wat ook maar net uit niks ontstaan het, behoort tog behoorlik onder die skoot te kom van mense wat vir hulleself wil dink. Iemand moet buite hierdie skepping wees, uit Wie, deur Wie en tot Wie alle dinge is (vgl. Rom.11).

### *Normloosheid en betekenisloosheid*

Die rede vir hierdie redeloosheid kan gesoek word daarin dat (soos modernisme) postmodernisme en evolusionisme bloedbroers is. As daar geen Skepper is en alles wat hier is, maar net toevallig is, dan is daar geen reg of verkeerd nie, geen werklike doel of sin nie, geen uiteinde of ewige lewe nie. Dan kom alles uit niks, is alles niks en kom dit tot niks – soos die Prediker al 3 000 jaar gelede verduidelik het. "Van onder die son gesien", sonder 'n Skepper wat norm en doel gee, "is alles 'n gejaag na wind." Selfs Nietzsche het (soos Dostojefski) die verskriklike normloosheid en betekenisloosheid van 'n *God-is-dood*-siening beskryf. Dan kan jy maar jou waarheid vorm, want eintlik is daar niks wat waar is nie.

## 2 ALLES OF NIKS

### *... net genade, ... net geleen*

'n Calvinistiese benadering tot die wêreld is 'n *alles-of-niks*-benadering. Dit is 'n benadering wat konsekwent daarvan wil uitgaan dat die wêreld en alles daarin aan God behoort – en dus nie aan my nie. Ook

ons as mense is deur God gemaak en ons behoort nie aan onsself nie. Soos Koos du Plessis dit raak bewoord het: *Wat ek is, is net genade. Wat ek het, is net geleen.* God gee aan ons gawes en geleenthede om gesamentlik en elkeen afsonderlik aan ons doel te beantwoord. Ons taak is om te wees wat ons bedoel is om te wees – nie wat ons maar net wil nie. Van ons besittings is ons eienaars en rentmeesters. Jy woeker met dit wat jy het, maar jy sorg ook vir die wat in nood is. So leef ons alleen uit genade, deur geloof in Christus se verlossing, tot eer van God: *sola gratia, sola fide, solus Christus, soli Deo gloria.*

### *Daar ís sin en doel*

Dat ons op aarde is, was nie ons besluit nie – so ook nie eers die tyd waarin ons leef nie. Daarom het ons lewe net sin as ons by die doel daarvan uitkom. Dit is sonde om teen dit wat jou Skepper bedoel het, in te gaan. Dan bly jy op allerhande maniere soek na sin en vreugde, maar dit is tydelik en leeg – soos pornografie en rondslaap, waarvan niemand ooit genoeg kan kry nie. Sin en doel lê daarin dat jy die mens is wat jy bedoel is om te wees – en daarvolgens te leef. Dit hou onder meer in dat die geslag waarin jy gebore is, jou geslag bepaal en nie of jy manlik of vroulik "voel" nie. Dit vra na die doel van die huwelik wat volgens God se bedoeling tussen een man en een vrou bestaan. Dit wil 'n verskil in mekaar se lewens maak, sodat daar saam 'n impak gemaak kan word. Volgens hierdie lewens- en wêreldbeskouing het baie Afrikaners na die wêreld om hulle gekyk, om dit so goed as moontlik in afhanklikheid van God te probeer uitleef.

## 3 KOMPROMIEË EN LEUENS

### *Kompromieë kruisig Calvinisme*

Toe kom 1994 – 'n waterskeiding in die Afrikaner se geskiedenis. Ná jarelange stryd om selfbeskikking, het hy sy selfbeskikking verloor. Kompromieë wat gesluit is, het die idee laat groei dat 'n *alles-of-niks*-benadering nie meer kan geld in die samelewing nie – en daarom ook nie in ander aspekte van ons lewe nie. Christelike universiteite en reformatoriese filosofie moes, onder die vaandel van inklusiwiteit, plek maak vir 'n nuwe paradigma, die sekulêre – al sien 80% van die bevolking hulself nog as Christelik. Aborsie is wetlik deurgevoer, al beskryf die Christelike etiek dit met reg as moord. Persone wat 'n kritiese beskouing van die Bybel as die Woord van God het, word toegelaat om bedienaars van hierdie Woord op te lei. Die staat se mag word uitgebrei sonder inagneming van die soewereiniteit en verantwoordelikheid van ander samelewingstrukture, terwyl die owerheid terselfdertyd sukkel om sy Godgegewe doel om die kwaad te bestry, uit te voer en baie selfs staatskaping en korrupsie inisieer. Die siening dat die sterkere oorleef en dat jy moet inval of padgee, het gaandeweg gegroei.

### *Rassisme en leuens skep rassisme en leuens*

Terwyl ongekende korrupsie, moorde, plaasmoorde en verkragtings toeneem, het die Afrikaner hom aan die ontvangkant van naakte rassisme bevind, partykeer direk en ander kere gekamoefleer met terme soos "regstellende aksie". Sonder die sekerheid van ons Christelike God, mens- en wêreldbeskouing wat beklemtoon dat ons 'n taak en roeping in Afrika het, die Woord van God – wat deur "teoloë" aangeval word – is die opening gelaat vir kultiese predikers om 'n vastrapplek te kry. Predikers (dikwels met boerename) het begin om hulle eie variant van die Israelvisie en Wit Teologie met kwansuise kennis van Bybeltale en aanvalle op die kerk van die Here, te propageer – tipies soos kulte oor al die eeue doen. Jesus se naam sou vals en demonies wees, al het die Nuwe Testamentiese Bybelskrywers self die naam gebruik. Om voor te gee dat net hulle die waarheid ken, word soveel ou dwalinge verkondig. Die eintlike saak is dat net wit mense werklik mense is, of 'n bevoorregte posisie voor God sou hê. Dit word natuurlik verkry deur ander betekenisse aan woorde soos mense en volke te gee. So word 'n streep deur 'n belangrike deel van ons roeping as Christene hier in Afrika getrek.

## 4 GRONDIG BEGROND

### *Vryheid en roeping*

In die verhaal van Bart Nel, wat afspeel gedurende die Rebellie van 1914, het hy alles wat hy gehad het verloor ter wille van die Afrikanersaak. Die laaste woorde van Bart Nel bly aangrypend: *My kry julle nooit. Ek is Bart Nel van toe af, en ek is nog hy.* Aanpassing by ons veranderde omgewing, beteken nie aanpassing in ons menswees, ons beginsels of lewens- en wêreldbeskouing nie. Ons mense kom uit 'n Calvinistiese voorgeslag wat jare geleef en gestry het vir God en die waarheid van sy Woord. Laat ons mekaar herinner dat ons op aarde is vir 'n doel – nie toevallig nie. Dié wete gee koers in die krisis. Dit maak van 'n verleentheid 'n geleentheid. Om in die alles-of-niks waarvoor Calviniste bekend is, gegrond te wees, gee vir ons die vryheid om onbevrees ons roeping uit te leef, wat ook al die konsekwensies:

*Moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak en daarna niks meer kan doen nie; maar ... vrees Hom wat, nadat Hy doodgemaak het, by magte is om in die hel te werp; ja, Ek sê vir julle, vrees Hom!* (Lk.12:4-5)



# Gnostiekeland: Die oudste dwaling het weer muteer (1)

**Prof. Alwyn Swanepoel**

**"Ons is almal vandag Gnostieke." Dit is die vangfrase wat onlangs in 'n podsending gebruik is toe die uitkyk van ons tyd bespreek is. Een van die verwysings wat die stelling moes staaf, was die bondige werk van Eric Voegelin, genaamd *Science, Politics and Gnosticism*. Voegelin wys reeds in 1959 daarop dat dit in die kern van die modernisme eintlik maar oor Gnostisisme gaan. Maar wat beteken dit en wat sou hy vandag sê?**

Voegelin sou vandag waarskynlik sê dat die skadu van Gnostiekeland net duideliker en donkerder geword het. En deel van die dilemma, sou hy steeds wou byvoeg, is dat ons met gnostiese konsepte probeer om uit te klim uit die gnostiese gat wat ons vir onsself gegrawe het. Nou waaroor gaan die gnostiese woord? Voegelin wys daarop dat die doel van die gnostisisme altyd die aandrang op die vernietiging van die ou wêreld en die oorgang na 'n nuwe behels. Verlossing in die moderne gnostisisme vind verder plaas wanneer ons die voleinding anderkant die graf, nou reeds binnekant hierdie lewe, 'n volle werklikheid wil maak (hy noem dit in deftige woorde *immanentizing the eschaton*). Dit gaan dikwels met 'n soort geestelikheid, spiritualiteit of vergeesteliking van die lewe gepaard. Om beter te verstaan wat dit alles behels, kan ons ook luister na Peter Burfeind, 'n Lutherse leraar wat in sy publikasie van 2014, *Gnostic America*, baie gedoen het om die saak in verstaanbare taal te verduidelik.

## Soos 'n skadu deur die eeue

Burfeind wys daarop dat die donker dwaalleer van die gnostisisme reeds in die Bybelse tye na vore getree het. Dit gaan oor 'n siening wat die materiële werklikhede van ons lewe as minderwaardig ag. Dink maar vir 'n begin net aan 1 Johannes en die ontkenning dat Jesus Christus mens geword het. Burfeind beklemtoon die feit dat dit nie maar net 'n dwaling van die Bybelse tye was nie, maar dat ons eerder moet raaksien dat hierdie dwaling die kerk soos 'n skaduwee deur die eeue heen volg. In virustaal sou ons kon sê dat die gnostiese virus net telkens deur die eeue muteer om 'n ander variasie op dieselfde tema te wees. Volgens Burfeind kan dit in eenvoudige taal beskryf word as die duiwel se teologie. Ons sou hierby kon voeg dat dit duiwels is, juis omdat dit so geestelik klink. Burfeind se uitkenning hiervan op die gebiede van politiek, kultuur en godsdiens in Amerika, laat 'n mens besef dat dit nie net daar in die VSA 'n probleem is nie, maar ook in baie ander eertydse Westerse lande. Om dit te begryp, moet ons nog meer konkreet raak. Wat beteken gnostisisme vandag in die praktyk?

**Die kwessie van materiële grense en materiële onderskeidinge word in die Gnostisisme in die naam van geestelikheid as 'n euwel der euwels beskou. Dit sluit sake in soos dat Eva van Adam se liggaam geskei is. Die verdeling van geslagtelikheid is daarom volgens die Gnostieke geestelikheid een van die fundamentele probleme van ons wêreld. Die manlik/vroulik-onderskeiding roep in hierdie gnostiese geestelikheid ook weer allerhande ander "verdeeldhede" en "diskonneksies" na vore. Verdelings van konkreet materiële sake soos die verdelings van rasse en nasies en selfs die verdelings van godsdienste, word ook in die geestelike gnostiek as sleg geag.**

Iets daarvan het ons onlangs weer gesien in die wyse waarop die bekende lied van John Lennon, *Imagine*, op prominente wyses voorgehou is as die sentiment van Suid-Afrika en ook van die hele wêreld. Aan die begin van die eerste inperking tydens die COVID-pandemie, gedurende Maart 2020, eindig die nasionale nuus op

kykNET met 'n boodskap aan die land. Via *Imagine* wens die personeel by die stasie dit vir almal toe.

## Verbeel jou

By die opening van die Olimpiese Spele in 2021 word hierdie lied weer uitgesonder. Die onderskeiding van godsdienste en nasies word in hierdie lied as sleg geag, selfs die skeiding tussen hemel en hel. Die ironie is dat gebeurtenisse soos die Olimpiese Spele nie eens verbeel kan word as daar nie 'n onderskeiding tussen nasies is nie. Dit is egter duidelik dat hierdie sekulêre "nasielied" die gnostiese visie verteenwoordig: dat onderskeide eintlik sleg is en net tot konflik lei. Daar is diegene wat dit verdedig en stel dat die lied eintlik net gaan oor die verskeurdheid van die wêreld, maar die ondertone toon duidelik aan in watter rigting die oplossing gesoek word – onderskeide wat eintlik maar moet weg en die wêreld wat een moet wees in die broederskap van alle mense.

Die gnostisisme is volgens Burfeind daarom ook sterk gekant teen respek vir instellings wat betrokke is by die oordra van die verlede – soos familie, gemeenskap, kultuur, tradisies in die kerk en selfs staatsrituele. In die gnostiese denke is hierdie instellings alles skeppings van 'n vreemde God. In sommige kringe word dit ook die Ou Testamentiese God genoem. Die skepping en stelsels van hierdie valse en bose God en sy wêreld moet daarom oorkom word. Hiervolgens is daar basies twee strategieë: Dit moet óf rewolusionêr, óf oorstygend *(transcending the past)* hanteer word. Die mees onlangse gonswoorde vir laasgenoemde benadering is "ontluikend" of "opkomend" (in Engels "emergent"). Die twee benaderings het dieselfde doel, maar dit verskil in middele, sê Burfeind. Die revolusionêre benadering is bereid om die saak te dwing, terwyl die oorstygende benadering glo dat gedagtes eers stelselmatig verander moet word deur die heidense trekkrag van gnostiese ikone in werking te stel. Daarna kan daar dan 'n stortvloed van samelewingsverandering volg. Dit klink amper onmoontlik dat Christene in hierdie strome sal swem. Ongelukkig gebeur dit al lankal onder diegene wat 'n tipe "Oprah-spiritualiteit" aanneem, maar nog verkies om dit met verwysings na die Naam van Jesus sag te maak. Doktor Voegelin het ons egter lankal gehelp om insig te verkry in hoe dit gebeur dat mense by hierdie punt uitkom.

In sy tweede referaat wat opgeneem is in sy genoemde publikasie, hanteer Voegelin die gnostiese massabewegings en die intellektuele bewegings van sy tyd (wat ooreenkom met ons tyd). Hy identifiseer dit as minderwaardige plaasvervangende godsdienste. Hieronder tel hy die volgende bewegings: progressiwisme, positivisme, Marxisme, vorme van psigoanalise, kommunisme, fascisme en nasionale sosialisme. Voegelin identifiseer 'n gnostiese lyn vanaf die antieke tyd daar in die Mediterreense gebied, deur bewegings van die Hoë Middeleeue heen, tot by die Westerse Renaissance en Reformasie. Hy identifiseer ses kenmerke van die gnostiese houding: (1) Ontevredenheid met die eie situasie (nie so vreemd nie). (2) Die geloof dat die situasie te wyte is aan swak organisasie van die wêreld (meer vreemd – dit is hiervolgens materiële en strukturele probleme eerder as sondeprobleme). (3) Redding uit hierdie bose toestande/strukture is moontlik. Die vangplek is egter dat daar telkens veral gefokus word op 'n sekere soort geïdentifiseerde boosheid wat oorkom moet word. (4) Die wese van die wêreld moet verander word in 'n geskiedkundige proses. (5) Die verandering moet deur menslike aksie en die mens se eie pogings geskied. (6) Die ingeleides met kennis sal vir ons die metodes wys hoe dit moet gebeur. Dus: 'n formule vir selfverlossing en wêreldverlossing.

## 'n Mondige nuwe era?

Voegelin identifiseer hiermee saam ook vier simbole wat kenmerkend vir die gnostisisme is: 'n Derde era, 'n leier, 'n profeet, en 'n gemeenskap van geestelik outonome persone. Dit is veral die eerste en die laaste kenmerke waarop ons hier gaan fokus, aangesien dit ons baie help om die hedendaagse konsep van 'n post-Christelike era uit te ken. Die konsep van 'n sogenaamde derde of dan nuwe era is met verskillende variasies 'n deurlopende tema by baie bewegings, maar Voegelin boor deur al die variasies hiervan en wys op die onderliggende saak. Dit is dat 'n derde era van perfeksie 'n belangrike, ja, heersende simbool in die selfverstaan van die moderne gemeenskap is. Ons het mos volgens die moderne mens nou aangekom, volwasse geword en kan die foute insien van hulle wat ons voorgegaan het. In hierdie simbool van die finale era, lê ook die idee van 'n vergeestelikte mensdom wat in gemeenskap lewe sonder die bemiddeling en ondersteuning van instellings. Hierdie siening herlei Voegelin terug na Joachim van Fiore wat geleef het aan die einde van die 12de eeu.

Joachim leef in 'n tyd van opbloei en reageer op Augustinus wat in die 5de eeu, met die val van Rome, die einde verwag het. Joachim identifiseer egter die era van die Vader en die Seun en die Heilige Gees en meen dat

Vervolg op bl. 20



# Populisme en apokaliptisisme

**Prof. Johan Bosman**

**Populisme idealiseer graag ’n held. Apokaliptisisme demoniseer graag ’n sondebok. Godvresendes daarenteen hou nugter vas aan die geloof wat eenmaal oorgelewer is; dit hou verband met sowel gister, vandag as môre.**

## In ons eie parlement

Op 20 Februarie 2007, ontvang advokaat André Hurtley Gaum (van die NNP/ANC) ’n spreekbeurt in die parlement. Louis Pepler (alias Bok van Blerk) se trefferdebuut het ver bo verwagting verras. Dit gons toe selfs in die parlement daaroor, met Gaum wat vasbeslote sy spreekbeurt waarneem. Hy sê toe onder meer:

> *Wat ook al mense se opinie oor die liedjie mag wees, een feit staan vas: Daar sal geen De la Rey soos ’n redder op ’n wit perd kom om Afrikaners of enige ander bevolkingsgroep te kom lei nie. Die tyd van ’n politieke leier vir die Zulu of die Xhosa of Afrikaners is verby. Ons is een nasie met een leier – die president van ons land. Dit is waartoe Afrikaners en alle ander bevolkings- en kultuurgroepe hulle verbind het deur die onderhandelde skikking.* (Onderstreep bygevoeg)

Hierdie enkele verwysing bevat in een geweef altwee die sake waaroor hierdie artikel handel – sowel populisme as apokaliptisisme.

## Populisme

Wanneer Jan Alleman in beweging kom, word deesdae graag gepraat van “populisme”. Êrens val die spreekwoordelike pap op die grond. Die gewone burger se versugtinge ontvang in so ’n geval geen simpatieke hart nie. Leiers leef uit voeling met Jan Alleman, of gee bloot net nie vir ons om nie. ’n Politieke benadering wat stroomop juis die behoefte van die gewone mens aanspreek, bring dominerende standpunte dan teensinnig en afkeurend in beroering. Teen 2007 reeds, ná ’n skamele dertien jaar, raak dit skielik met groot skrik duidelik dat die Afrikanergemeenskap, veel meer as wat kon droom en ondanks samelewingsleiers se vreugde oor die nuwe bedeling, opnuut in stryd gedompel voel. Nie eers die sogenaamde “bevryding” van ’n een-mens-een-stem Suid-Afrika, kon hierdie gevoel demp nie. Die gewildheid van die lied *De la Rey* spreek van toe af boekdele. Ondertussen voer die stuwing van die geskiedenis ons al weer veertien jaar verder, ruim 27 jaar ná 1994: ’n simboliese tronkperiode.

## Apokaliptisisme

Die uitdrukking: ***’n redder op ’n wit perd***, laat ’n mens dink aan die boek Openbaring van die apostel Johannes (vgl. 6:2; 19:11). Gewoonlik neig jou gedagtes na “die einde”, hetsy van alles, soos in die boek Openbaring (in Grieks: *Apokalupsis*), of by wyse van spreke: die einde van ’n tydperk, ’n bedeling, ’n organisasie of ’n situasie. Hoewel advokaat Gaum se opmerking in 2007 die einde van ’n eenheidstaat en sy weersin oor die gedagte daaraan suggereer, het die doelbewuste onluste van die afgelope tyd met klemmende skrik veel meer dringend die vraag laat ontstaan: Is die einde van die utopiese demokrasie nie dalk tog op hande nie, nou ruim 30 jaar ná 11 Februarie 1990, toe mnr. Nelson Mandela ná 27 jaar uit die tronk vrygelaat en rewolusionêre organisasies soos die ANC/SAKP ontban is, nie?

## Ontsporing

Sowel gewildheidsdenke (“populisme”) as eindtyddenke (“apokaliptisisme”) bied egter uitdagings vir ’n gesonde waardering van die verlede, ’n oordeelkundige posisionering in die hede en ’n sinvolle benadering van die toekoms. Trouens, dit het nou al ’n historiese verskynsel geword dat gewildheid en “alles is nou finaal

verby" mekaar in siklusse afwissel. Boonop raak die verskynsel meer ingewikkeld wanneer dit in liberale en/of konserwatiewe, linkse en/of regse kringe aan die lig gebring word. Ondertussen muteer allerhande sameweringsteorieë wat hetsy die een, of die ander, of selfs albei in die hand werk. Jan Alleman – ontwortel van die klassieke tradisie van ons volksbestaan – neig om onder sulke omstandighede Christelike nugterheid prys te gee en afvallig te raak van Skriftuurlike godvresendheid. By die dag word dit al meer duidelik hoe ons samelewing ontspoor. God se Woord funksioneer alleen nog maar as die byproduk van ons begeertes en/of paranoia, ons woede en/of vrese.

### Messiasbedrog

Terwyl iemand soos advokaat Gaum hom in die huidige bedeling verbete verset teen vermeende "messiasbedrog", wanneer onder andere Afrikaners in die nuwe eenheidstaat durf hunker na 'n "De la Rey", verraai sy eie woorde 'n ander messiasbedrog, wat in die geledere van sowel linkses as regses, liberales as konserwatiewes aan die lig kom. Komende uit die vorige bedeling se beherende (Nuwe) Nasionale Party en opgeneem in die huidige bedeling se beherende ANC, slaan daar by hom 'n blinde vertroue in die staat deur, so asof lojaliteit aan die sekulêre eenheidstaat van Suid-Afrika slegs tot redding en heil kan wees. Daarenteen vrywaar walging aan die mislukte reënboognasie-eksperiment ontnugterdes egter nie van volkseie statisme nie. Absolute lojaliteit aan 'n afsonderlike volkstaat beloof ewe min finale redding en heil, al wapper die vierkleur ook weer, soos ou oom Nicolaas van Rensburg (1864-1926) dit blykbaar volgens oorlewering gesien het.

### Held – Sondebok

Populisme idealiseer graag 'n held. Apokaliptisisme demoniseer graag 'n sondebok. Godvresendes daarenteen hou nugter vas aan die geloof wat eenmaal oorgelewer is; dit hou verband met sowel gister, vandag as môre. Eenheidstaat of Volkstaat, beide kan vir Jan Alleman bedrog wees, en/of 'n omgewing om in te floreer, indien vryheid nugter hanteer word.

Teen die aanbreek van 1994 het daar 'n nuwe epog hier aan die suidpunt van Afrika posgevat, wat sowel 'n eenheidstaat as 'n volkstaat fundamenteel bedreig. Afvalligheid begin om die botoon in Suid-Afrika te voer. Ruim 200 jaar se ondermynende kragte het die grondliggende orde van die samelewing omgekeer. Ortodoksie is besig om plek te maak vir 'n veelheid aan kettery en barbaarse heidendom. Veel meer as net 'n politieke bedeling het in die afgelope tyd verander. Ons kom uit die "ou wêreld" van Europa, waar godsdienstige vervolging plaasgevind het en daar nie asemruimte vir afwykende standpunte was nie. Geus en Hugenoot het onder haglike omstandighede juis hier in die "nuwe wêreld" 'n bestaansruimte kom oopploeg. Sedert die oorgang na 'n nuwe bedeling begin ons wel sien hoe in die sogenaamde vryheid van die "nuwe wêreld", ortodokse wysheid doodgesmoor word. Die samelewing word sodanig gereguleer dat die son van "vryheid" blykbaar nie meer oor alle standpunte mag skyn nie. "Ons-hulle" gesprekke begin domineer. Só ontvang populisme en apokaliptisisme natuurlik vrugbare broeiaarde met die noodlottige gevolge wat dit inhou.

### Anti-ortodokse verval

Ondermyning van ons klassieke tradisie het intussen ontaard tot verbrokkeling van die ortodokse konsensus en verword steeds verder om uit te mond in die vervolging daarvan. Selfs konserwatiewe Afrikaners deel nie meer met mekaar dieselfde teologiese verbintenisse uit die wortel van ons volksbestaan nie.

> **Kernkonsensus ontbreek deesdae oor 'n breë terrein. Byvoorbeeld: Bestaan God of nie? Is God soewerein of nie? Is God drie-enig of nie? Is die Bybel wel die Geesgewerkte Woord van God op skrif, of slegs menslike woorde oor God? Was moeder Maria 'n maagd met ons Heiland se geboorte of nie?**

So is daar nog veel meer sake van grondliggende aard waaroor Afrikaners vandag net mooi geen konsensus meer het nie. Dan praat ons nie eens van 'n gemeenskaplike verbintenis in die sin van die heilige, algemene, Christelike kerk nie. Boonop voer óók konserwatiewe Afrikaners onderling volkseie gevegte oor talle kwessies van etiese aard, soos eiewillige aborsie, die verhouding tussen man en vrou, geslagtelikheid, liggaamsverbranding, selfmoord, heiliging van die Opstandingsdag van die Here Jesus, ensovoorts.

### *Armageddon petit*

Afrikaans besig die spreekwoord: "Jy het die klok hoor lui, maar weet nie mooi waar die bel hang nie." Daarmee wil ons uitdruk dat jy wel iets van 'n saak weet, maar nie genoeg van die fyn besonderhede nie. Op die oor af klink jy dus ingelig en onderrig, maar in feite is jou redevoering en standpunte gevaarlik vir jouself en ander.

Natuurlik praat die Bybel van ons *Redder* op die wit perd: Die Here Jesus Christus is beslis ons Verlosser-Koning. Natuurlik sal die einde van alles aanbreek – wanneer God in sy soewereiniteit so bepaal, volgens sy ewige Raad. Dit is wanneer ons godvresende nugterheid verloor, dat mense smag en gryp na 'n held soos Saul – die eerste koning van Israel. Noem so iemand net wat jy wil: "die president van ons land", hetsy in 'n eenheidstaat en/of federale volkstaat. Dit is wanneer ons Skriftuurlike gehoorsaamheid verloor, dat mense in die Armageddon van verdrukking, verstrooiing en ballingskap beland. Ondertussen vervul die almagtige God steeds sy ewige Raad in Christus Jesus. Die werklike Armageddon sal volgens sý tydsbepaling plaasvind.

### Ou paaie – nuwe weë

Vryheid wat put uit die ortodokse wortel van ons volksbestaan met leefruimte vir eenheid sowel as verskeidenheid, waak daarteen dat mense – uit elke taal, stam, volk en nasie – mekaar demoniseer en dan versmag weens die begeerte aan 'n vorstelike held met voete van klei. Afvalligheid en heidendom daarenteen bevorder ironies die boosheid onder 'n banier van "vryheid" en/of "Armageddon", terwyl die antieke wysheid so duidelik leer:

> *As die regverdiges talryk word, is die volk bly; maar as die goddelose heers, sug die volk* (Spr. 29:2).

---

Vervolg vanaf bl. 17

## Gnostiekeland: Die oudste dwaling het weer muteer (1)

hulle, anders as Augustinus, in die era van die Gees leef. Reeds hier kom die simptome van iets ná Christus na vore en Voegelin bring die hedendaagse konsep van 'n sogenaamde post-Christelike era hiermee in verband. Hy wys op die basis wat reeds daar deur Joachim gelê is. Dit is die siening dat die geestelike gemeenskap van monnike in sy tyd moes bestaan sonder die ondersteuning van die sakramente van die kerk. Voegelin merk verder op dat dit ooreenkom met die massabewegings van sy tyd wat die finale era sien as 'n vrye gemeenskap van mense, ná die uitsterwing van die staat en ander instellings. Hy wys daarop dat dit die duidelikste waarneembaar is in kommunisme, maar dat die idee van demokrasie ook gevoed word uit die gedagte van 'n gemeenskap van outonome mense.

Dit is nie moeilik om raak te sien hoe mense vandag soos potpaddas in warm water leef in die omgewing van hierdie sentimente nie. Sonder die Woord in die hart is dit ook voorspelbaar dat mense die dwaling van die mondige mens sal sluk. Die ironie is dat sogenaamde mondige mense se denke reeds deur die gnostiese water benewel is om te dink dat post-Christelik hoegenaamd die wagwoord kan wees. So asof Christus van die troon gaan afstand doen omdat daar een of ander meerderheidsopinie in bepaalde groepe ontstaan het wat reken dat sy tyd nou verby is.

> **Dit is belangrik dat ons in só 'n klimaat dit helder sal verkondig dat die nuwe era reeds ingelei is toe Christus die troon bestyg het en dat dit nooit weer sal verander nie.**

Gereelde blootstelling aan die Woord van God is baie belangrik indien ons hierdie kondisionering wil uitken. Deur gereelde voeding van die Woord kan ons sterk en vol moed wees om die ou-nuwe dwaling uit te ken en effektief te hanteer. In die volgende aflewering sal ons fokus op die redes waarom hierdie gnostiese geite so aantreklik is en wat ons daaraan kan doen.




**Wili-werk-ni**

Ten volle toegeruste vakansiewoning op die grens van Margate en Uvongo. Loopafstand na die strand. Pragtige see-uitsig. Billike tariewe

*Skakel Willie of Poppie Brits: Tel. 039 317 2076, Sel: 082 746 4852*
*Queenstraat 18, Uvongo*


**OORNAGVERBLYF**
**Pretoria (Waverley)**

Tuinwoonstel in stil rustige omgewing.
Veilige parkering in erf.

**Skakel Ina by 079 872 3357**

# BYBELWOORDBLOK: FILIPPUS EN DIE ETHIÓPIËR (HAND. 8:26-40)

OPGESTEL DEUR
DALEEN PIENAAR 2021




**LEIDRADE:**

**Dwars**

7. Volkome oortuig (Hand. 8:37)
8. Prediking is *hier* gedoen (Hand. 8:40)
9. Afknip van *wol* (Hand. 8:32)
10. Filippus *hier* gevind (Hand. 8:40)
11. Swygend voor skeerder (Hand. 8:32)
12. Reisgebied van dissipel (Hand. 8:40)
13. Titel van koningin (Hand. 8:27)
14. Sy lewe *hier* verloor (Hand. 8:33)
15. Stil pad met min verkeer (Hand. 8:26)
16. Weggeneem (Hand. 8:39)
24. *Dorp* vernoem na 'n Romeinse keiser (Hand. 8:40)
25. Om huis toe te gaan (Hand. 8:28)
27. *Gestuurde* van die Here (Hand. 8:26)
30. Innerlike menswees (Hand. 8:37)
31. Om reg te laat geskied (Hand. 8:33)
32. Heenwysing na Christus (Hand. 8:32)
33. Griekse Bybel (Hand. 8:32)
34. Rigtingwyser vir die pad (Hand. 8:26)
36. In 'n bepaalde rigting gaan (Hand. 8:32)
38. *Dit* is gedoen wanneer volwassenes tot bekering gekom het (Hand. 8:36)
40. Om God aan te roep (Hand. 8:27)
41. Aangetref (Hand. 8:40)

**Af**

1. Vol vreugde (Hand. 8:39)
2. Verduidelik (Hand. 8:31)
3. Bekend maak (Hand. 8:35)
4. Terughou, verbied (Hand. 8:36)
5. Om begrip te hê (Hand. 8:30)
6. Kandacé se rykdom (Hand. 8:27)
7. Sekere geskrewe stuk (Hand. 8:32)
12. *Dit* word hom ontneem (Hand. 8:33)
16. Vervoermiddel (Hand. 8:28)
17. *Hy* voer Filippus weg (Hand. 8:39)
18. Minagtende behandeling van 'n persoon (Hand. 8:33)
19. Die Blye Boodskap (Hand. 8:35)
20. Inneem wat geskryf is (Hand. 8:30)
21. Aan die gang wees (Hand. 8:32)
22. Tot stilstand bring (Hand. 8:38)
23. Groot profeet (Hand. 8:28)
26. Plek van aanbidding vir die Etiópiër (Hand. 8:27)
28. Onderweg op die pad (Hand. 8:36)
29. Op bloedige wyse doodmaak (Hand. 8:32)
31. Opklouter (Hand. 8:39)
35. Boorling van Ethiópië (Hand. 8:27)
37. Simboliese naam vir die Saligmaker (Hand. 8:32)
39. *Dit* strek van Jerusalem na Gasa (Hand. 8:26)



# Bou huise en plant die lande!

**Willie Spies**[1]

**Elke geslag meen dat die wêreld van die dag meer boos is as die een waarin hulle grootgeword het. Volgens daardie denkwyse raak dinge elke jaar 'n bietjie slegter – mense raak meer en meer goddeloos en die verval tree onveranderbaar in. Daardie verval sal dan voortduur tot Jesus Christus weer, soos Hy aan sy dissipels belowe het, op die wolke sal terugkeer aarde toe om finaal die hemel en aarde te vernuwe. So word dikwels gedink.**

Die gedagtes oor toenemende verval in waardes, geloof en toewyding is ook nie heeltemal uit die lug gegryp nie en rym met werklike statistiek en belewenisse van mense oraloor. Berigte is volop oor dalende lidmaatgetalle van al vier die tradisioneel gereformeerde Afrikaanse kerke, die NG Kerk, Hervormde Kerk, Gereformeerde Kerk en die Afrikaanse Protestantse Kerk.

Tussen 2018 en 2019 het die belydende lidmate in die grootste van die Afrikaanse kerke, die NG Kerk, met 20 812 in een jaar gekrimp tot 691 050. Ook dooplidmate het gedaal met 1 966 vergeleke met die vorige jaar. Die Gereformeerde Kerk se lidmate het van 101 698 in 2009 tot 85 155 in 2016 gedaal.

Daar kan aanvaar word dat dieselfde neiging hom voordoen in al vier die Afrikaanse kerke. Alhoewel gewone demografiese verskynsels soos emigrasie en dalende geboortesyfers 'n vername rol speel in hierdie daling van lidmaatgetalle, speel sekularisering ongelukkig ook 'n wesenlike rol.

Die sosiale media is vol van uitgesproke vyandskap teenoor godsdiens en geloof onder uiters aktivistiese ateïste, wat hul oortuigings met mening probeer oordra en selfs afdwing op elkeen om van kennis te neem.

Dit kom dikwels voor of ongelowiges en ateïste selfs met groter toewyding hulle eie oortuiging – dat daar geen God, geen skepping, geen opstanding, geen hemel en geen hel is nie – op die samelewing wil afdwing, as wat by gelowiges die geval is. Christene is dikwels nie bereid om vreesloos gehoorsaam te wees aan Jesus Christus se opdrag om dissipels van alle nasies te maak en hulle te doop in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees en die sendingopdrag uit te voer nie.

Te midde van hierdie era van LGBTQ+-aktivisme[2], *woke*-aktivisme[3], skynbare verval, afvalligheid en sekularisme, duik die vraag dikwels op: Wat staan Christene te doen?

> **Die oeroue instink by mense om in 'n krisistyd te vries, te vlug of te veg is, interessant genoeg, ook instinkte wat na vore kom wanneer die Christendom met aanvalle in 'n vyandige wêreld te kampe het.**

1 Die eerste moontlike instinktiewe reaksie is die sogenaamde "vriesreaksie". In die konteks van 'n samelewing waar Christene met groeiende vyandskap gekonfronteer word, loop ons gevaar om bloot te "vries" wat ons geloofslewe betref. 'n Vriesreaksie sou beteken om gewoon niks te doen nie. Jy verdwyn in die massa. Jy doen stil-stil jou daaglikse werk en is uiters versigtig om nie aanstoot te gee nie, want iewers kan 'n *woke*-aktivis dalk net met arendsoë soek waar Christene té uitgesproke is en as deel van die "kansellasiekultuur" doodgesmoor moet word. Te midde van 'n vriesreaksie onder Christene teen die aanslae van sekulêre bewegings, ontstaan die vraag dikwels: Waar is die kerk? Waarom is die kerk so stil oor onreg? Waarom swyg die kerk oor

korrupsie en sistemiese kriminaliteit in ons samelewing? Waarom is die kerk stil as haar lidmate ontneem word van hul reg om te werk weens diskriminerende swart bemagtigingsmaatreëls? Miskien is kerke dikwels so stil weens 'n instinktiewe vriesreaksie op die vyandige omgewing waarin ons bestaan.

2 Die tweede instinktiewe reaksie is 'n vlug- of onttrekreaksie. As deel van die ontvlugting mag Christene dalk reken dit is veiliger om iewers in 'n kloosteragtige bestaan bymekaar te wees en slegs mekaar te bemoedig terwyl die wêreld maar kan vergaan. Om te ontvlug en te hergroepeer is soms nodig – in gevaarlike omstandighede – maar dit kan nooit die finale antwoord wees nie. Soms is dit nodig om te vlug en te hergroepeer, maar dit is altyd noodsaaklik om vreesloos terug te keer tot die samelewing wat smag na die evangelieboodskap van redding in Christus. Hy het ons immers geleer dat 'n mens nie 'n lamp aansteek en dit onder 'n maatemmer wegsteek nie, dat Christene skynende ligte is en soos 'n stad moet wees wat op 'n berg lê.

3 Die derde instinktiewe reaksie is 'n reaksie van veg, te midde van 'n vyandige omgewing. Dit is wat Petrus gedoen het die nag toe die Here Jesus gevange geneem is. Hy het sy swaard uitgepluk en een van die wagte se oor afgekap. Maar die Here het hom tereggewys, die wag se oor genees en Homself oorgegee om weggelei te word. Tydens dikwels giftige debatte op sosiale media, sien 'n mens gereeld hoe gelowiges met 'n instinktiewe vegreaksie op die kritiek van ongelowiges reageer en in die proses meer skade as goed doen met die afvuur van vurige pyle van belediging na diegene wat sukkel om te glo eerder as om te stig met opbouende woorde van wysheid.

As die antwoord vir die Christendom op die bedreiginge van ons tyd dan nie een van die drie instinktiewe reaksies van vries, vlug of veg is nie, wat is dit dan?

**In 1 Timótheüs 4 skryf Paulus aan Timótheüs dat daar in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang. Hy herinner Timótheüs daaraan om versigtig te wees vir mense wat in daardie tye sal leer dat mense moet ophou om sekere kos te eet of hulle wil onttrek deur op te hou om te trou. "Want," skryf hy, "alles wat deur God geskape is, is goed, en niks is verwerplik as dit met danksegging ontvang word nie".**

God het die aarde geskep. Hy het dit goed geskep. Hy het sy kinders daarop geplaas om dit te bewoon, te bewerk en daaroor te heers tot sy eer. Selfs aan sy volk wat in ballingskap is, leer God in Jeremia 29:5 dat hulle huise moet bou, daarin moet woon en tuine moet plant en daarvan moet eet.

**Die bou van huise en die plant van tuine is 'n groot opdrag. Dit behels die totstandbringing van strukture en infrastruktuur. Die vestiging van instellings. Selfs die bou van 'n stad.**

Die geskiedskrywer Hugh Trevor-Roper skryf in sy boek, *The Rise of Christian Europe*, hoe Europa vanaf omstreeks die 11de eeu n.C. – dit is eers ná bykans 500-600 jaar van agteruitgang en verval – 'n effektiewe antwoord op hulle uitdaging begin gee het. Die wese van Europa se antwoord was die feit dat hy vir homself verantwoordelikheid aanvaar het deur middel van onder meer twee belangrike instellings, te wete die Middeleeuse kerke en kastele, waardeur ruimtes geskep is waardeur 'n nuwe lewe moontlik geword het. Deur die kerke en kastele het universiteite, kloosters en ridderordes tot stand gekom, wat die draers van die Christelike Europese beskawing geword en die deurslag vir die toekoms gegee het.

Hierdie manier van Christene in antieke Europa om in donker tye van onsekerheid nie net te vries of te vlug nie, maar om te bou, is nie uit die lug gegryp nie – dit is 'n ou tradisie van gelowiges.

Om terug te keer tot dit waarmee die artikel begin het – alles gaan nie reglynig agteruit nie. Deur die eeue was daar tye van gevaar en agteruitgang, maar dit is dikwels gevolg deur tye van herstel, groei, geestelike herlewing en reformasie. Daardie herstel het dikwels gebeur danksy die bouwerk van gelowiges wat gehoor gegee het aan die opdrag van Jeremia 29:5 – om te bou en te plant en die opdrag van Handelinge 1 – om te verkondig en dissipels te maak van alle nasies.

Dit het telkens in die verlede gebeur. Dit kan weer gebeur.

1 Prokureur by Hurter Spies Ing. en voorsitter van Pretoria FM.

2 LGBTQ+ is 'n sambreelafkorting vir *Lesbies, Gay, Bi-seksueel, Transseksueel en Queer*, terwyl die + dui op soortgelyke groepe wat hierby gevoeg kan word.

3 *Woke* verwys na 'n (dikwels oordrewe) sensitiwiteit vir rassevooroordeel, rassehaat, diskriminasie en (enige vorm van) sosiale onregverdigheid.



# Ekumenies en konfessioneel

**Ds. Aubrey Hough**

Dit was in 2014 dat Suid-Afrika geskok is met die nuus van die sogenaamde gruwelhuis in Springs, waar die Springsmonster (soos die pa deur die media gedoop is) dit reggekry het om sy gesin vir etlike jare as gyselaars in 'n huis aan te hou. Vir meer as 'n dekade is vyf kinders verbied om skool te gaan; grusame verhale van verwaarlosing, misbruik en mishandeling het in die hofsaak na vore gekom. Uiteindelik sou 'n broer uit die huis ontsnap en na die bure vlug en die grusaamheid is oopgevlek.

Die oudste dogter sou later vertel dat haar eerste belewenisse ná haar ouers in hegtenis geneem is, was dat sy gewonder het hoekom hulle as kinders van hul ouers weggeneem word. Die omstandighede van haar grootword was vir haar 'n "normaal".

Die vraag het telkens na vore gekom hoe so iets in 'n moderne tyd moontlik is. Die punt is dat die pa dit reggekry het om die huis en gesin van die buitewêreld af te sonder en die samelewing en gemeenskap buite te hou. Daar was dus geen *korrektief* op hierdie gesinsdinamika nie. Uiteindelik kon die bose daarom monsters baar.

En met dit gesê, laat daar geen twyfel wees dat dieselfde gevaar vir die kerk bestaan wat nie bereid is om die meelewing en sélfs korrektief van ander kerke te erken nie. Dit is hier waar die saak van ekumene op die voorgrond tree.

## Die kerklike ekumene

Wanneer van kerklike ekumene gepraat word, word bedoel die samewerking van Christelike kerke in die wêreld. Hierdie is 'n beginsel wat die AP Kerk reeds in 1987 erken het en ook só verwoord het in die eerste kerkorde: "Die Kerk strewe steeds daarna om met ander Christelike kerke kontak op te neem en te behou ..." (die destydse artikel 61; vgl. art. 64, *KO 2018*). Hierdie is 'n artikel wat sedertdien onveranderd in die *Kerkorde* gebly het. Ongelukkig sal ons moet bely dat artikel 64 dikwels as die stiefkind van die *Kerkorde* geag word.

## Skrikkerig vir die ekumene?

In die Suid-Afrikaanse konteks het die ekumeniese beweging in konserwatiewe kringe nie altyd goed afgegaan nie. 'n Groot rede daarvoor – waarvoor die spasie in die artikel ontbreek – is dat veral Afrikaanse kerke beleef het dat buitelandse ekumeniese bewegings die voertuig vir politieke motiewe geword het, terwyl hulle min begrip vir binnelandse aangeleenthede getoon het.[1] Die vraag is egter of dit reg is om die kind met die badwater uit te gooi.

## 'n Anderkant van die munt

Om die kind in die badwater te soek, is dit nodig dat ons ook die gevaar van die anderkant van die Springsgruwelhuis op die voorgrond plaas. Terwyl ons besef dat die samelewing geen *korrektief* op die gruwelhuis geplaas het nie, is die ideaal inderdaad nie om jou huis onbegrensd vir die samelewing oop te stel nie.

> **Ouers wat hulle kinders sonder grense en dissipline toelaat om te doen wat hulle wil, is nét so aktief besig om monsters vir die samelewing te kweek. Dit is om hierdie rede dat gelowige ouers altyd geroepe voel om te help dat hulle kinders vriende maak met die "regte maats".**

Die twee kante van die munt vir die kerk sou dus so verwoord kon word: Ekumenies, maar tog konfessioneel.

## Ekumenies, maar wel konfessioneel

In die begeerte wat deur die AP Kerk in artikel 64 uitgespreek word om ekumenies te wees, is dit belangrik om

daarop te let dat die belydenis (konfessie) van die kerk nie daarmee opgesê of in gedrang gebring word nie.

Die begeerte van ons kerkverband word in artikel 64.1 uitgespreek as om ekumeniese verhoudings met ander kerke op te neem, "... veral met kerke wat in belydenis die naaste aan hulle staan". Hiermee plaas die kerkverband sy belydenisgrondslag op die voorgrond.

Om met ander kerke wat nie presies dieselfde belydenisgrondslag as jyself handhaaf nie in 'n bepaalde verhouding te staan, beteken nie dat die kerk daarmee haar belydenis prysgee nie. Vir só 'n siening was die Sinode van 1987 ook nie bang nie en verwoord artikel 64.3 daarom dat daar ook kontak gesoek kan word met "ander kerke van algemene Protestants-Christelike belydenis, sover dit wenslik en prakties is ...".

## Die sekerheid van jou eie identiteit

Soos in die algemene lewe, het elke mens vriende nodig. Ons lees in Spreuke van die waarde van vriendskappe:

> *Olie en reukwerk verbly die hart, net so die aangenaamheid van 'n vriend vanweë welgemeende raad* (Spr. 27:9).

Wanneer jy met iemand in 'n vriendskapsverhouding is, beteken dit egter nie dat jy jou eie identiteit opgee nie. 'n Gesonde vriendskap eis immers dat eie identiteit behou word.

Dieselfde toepassing kan ons inderdaad op die kerk maak. Calvyn het sterk klem gelê in sy *Institusie* op die algemene Christelike kerk en die gemeenskap van die heiliges. Hierdie gemeenskap het Calvyn beskryf as 'n gemeenskap wat nie die verskeidenheid van genadegawes ophef nie, maar impliseer dat sodanige gawes deur gelowiges onderling met mekaar gedeel moet word.[2]

Wanneer dus met ander kerke "kontak opgeneem word", beteken dit allermins die prysgawe van identiteit of konfessie.

## 'n Soeke na waarheid

In 'n gebroke wêreld waar die volmaaktheid nog nie gerealiseer het nie, bly elke gelowige en kerk verantwoordelik geroep tot die soeke na die waarheid. Op hierdie weg het ons mekaar nodig. Soos ons van ander moet hoor, het ons ook iets vir ander te sê. Die belangrike beginsel hier is egter dat waarheid nooit ten koste van enige iets anders opgeoffer mag word nie.[3]

Wanneer ons egter nie met ander kerke oor alles saamstem nie, beteken dit egter nie dat verhoudinge daardeur gediskwalifiseer mag word nie. Hierdie beginsel is reeds tydens die Dordtse Sinode van 1618/19 in artikel 85 van die Dordtse Kerkorde vasgestel: "In middelmatige dinge moet buitelandse kerke wat ander gebruike as ons het, nie verwerp word nie."

## Waak daarom teen hoogmoed

Die aard van 'n kerk se siening oor haar verhoudinge na buite, loop die gevaar dat dit bepaal word deur 'n diep verskuilde hoogmoed. Dit is waar daar 'n verskuilde belydenis lê van: "Ek het nie ander nodig nie, ek beskik oor al die waarheid." Binne sodanige kultuur lê die gees dan van "almal wat nie presies soos ek dink nie", is verkeerd en "hulle" kan geen bydrae lewer tot ons gesamentlike soeke na die waarheid en om saam te juig in die verlossing van ons Here Jesus nie.

## En dan die gevaar om rûe warm te broei

Daar is altyd in die kerk ook die gevaar om mekaar se rûe so warm te broei, dat ons tevrede word met alles wat ons doen en bloot die status quo handhaaf. Uiteindelik is die groot gevaar dat ons met die *groot-vis-in-die-klein-dam-sindroom* nie meer mekaar se foute raaksien nie. Met geen *korrektief* in die Springs-huis nie, is die verkeerde as normaal gesien. Sal dit nie verskriklik wees as die kerk geen oor meer vir die verkeerde het en dit bloot as die "normaal" ag nie?

## Ekumenies-konfessioneel

Om in gesprek met ander kerke en gelowiges te tree, moet as 'n onontbeerlike vir die kerk gesien word. Dit beteken egter nie dat ons daardeur identiteit of waarheid hoef prys te gee nie. Inteendeel. In die kerk se belydenis en die verstaan van die belydenis het ons immers ook iets vir ander te sê. Dit moet ook ons roeping wees. Wie ons is en waarvoor ons staan, kan en moet ook bydra tot die getuienis oor die evangelie van Jesus Christus.

1 Welbekend is bv. die besluit van die Algemene Sinode van die Nederlandse Gereformeerde Kerk (GKN) in 1974 om die Spesiale fonds van die *Programme to combat Racism* te ondersteun en dit by hulle gemeentes aan te beveel. Hiermee het die GKN terroristiese organisasies soos die ANC en Swapo finansieel ondersteun.

2 Vgl. Kleynhans, EPJ, *Gereformeerde Kerkreg 3*, 1985.

3 Dit is veral belangrik om hier daarop te let dat "eenheid" so 'n gonswoord geword het dat die realiteit dikwels vir ons 'n prentjie skets van ekumeniese verhoudinge wat bereid is om waarheid ter wille van eenheid te begrawe.



# #Trekjousokkiesop

**Ds. Schalk Strauss**

Die AP Kerk is op 27 Junie 1987 gestig. In daardie beginjare was daar groot opwinding onder lidmate. Daar was baie energie, want die ratwerk van hierdie nuwe kerkverband moes op die been gebring word. Strukture moes gevestig word. Een van die fokuspunte tydens die eerste 10 jaar van die AP Kerk se bestaan, was die oprig van kerkgeboue. Daar was 'n eendragtigheid. Ons mense was saamgesnoer deur 'n gemeenskaplike doelwit.

Vandag is die meeste gemeentes se kerkgeboue klaar gebou. Die hartseer werklikheid is dat baie van hierdie geboue al hoe leër word of selfs leegstaan. Sommige is reeds verkoop of in die proses om verkoop te word.

## Is ons nog doelgerig?

Dit konfronteer ons natuurlik met 'n belangrike vraag: Het ons nog 'n gemeenskaplike (koninkryks-) doelwit? Wat bind ons nóú saam en wat motiveer ons kerkwees? Waarop word ons energie tans gefokus?

In Haggai 1:4 vra die Here 'n belangrike vraag: *Is dit vir julle self wel tyd om in julle betimmerde huise te woon, terwyl hierdie huis in puin lê?* Natuurlik verwys hierdie teksvers na die tempel en ons sou kon redeneer dat ons kerkgeboue tog nie in puin lê nie. Tog leer die Nuwe Testament ons dat God nie in 'n tempel woon wat met hande gemaak is nie (vgl. Hand. 17:24). Hy woon in die harte van sy kinders (vgl. 1 Kor. 3:16-17). Óns is sy tempel. Die vraag is dus: Hoe lyk hiérdie tempel? Kyk ons na die geestelike verval rondom ons, die morele agteruitgang en die sekularisering van ons samelewing, dan lyk dit asof hierdie tempel van God nie veel aandag kry nie.

## Wat kan óns doen?

Miskien wonder u wat die AP Kerk hieraan kan doen? Ons is tog nie 'n groot kerkverband nie? Ons het nie baie geld nie. Watter verskil kan ons maak? Om hierdie en soortgelyke vrae te antwoord, is dit soms nodig om moed te skep uit en geïnspireer te word deur wat ander doen. In Grand Rapids in die VSA is daar 'n klein kerkverband bekend as Heritage Reformed Congregations. Hierdie kerkgenootskap bestaan hoofsaaklik uit Amerikaners en Kanadese wat uit Holland uit geëmigreer het. Hulle het ongeveer 27 gemeentes met 'n rapsie oor die 11 000 lidmate. In vergelyking met die AP Kerk, is hulle dus omtrent 'n derde van ons grootte.

Hierdie handjievol lidmate het hulself 'n belangrike vraag afgevra: Hoe kan ons, met ons beperkte getalle en hulpbronne, 'n verskil vir die koninkryk van God maak – hier waar ons bly, maar ook in die res van die wêreld? Hulle het besluit om al hul energie, kennis en geld in twee groot projekte in te stort – die oprigting van 'n teologiese skool en 'n boekuitgewery. *Puritan Reformed Theological Seminary* (PRTS) en *Reformed Heritage Books* is die produkte van hierdie roepingsbewustheid. PRTS is tans een van die toonaangewendste gereformeerde opleidingsinstellings ter wêreld. Hulle lei predikante van dwarsoor die wêreld in die gereformeerde leer op.

Hulle uitgewery aan die ander kant, is daarop ingestel om behoudende en gereformeerde leesstof aan Christene in baie lande beskikbaar te stel. Hulle vertaal byvoorbeeld baie Nederlandse werke, wat weens die Nederlandse taal eintlik vir die meeste Amerikaners onverstaanbaar is, in Engels. Hulle het dit hul lewenstaak gemaak om die boeke wat hul voorvaders getroos, versterk en gevorm het 'n nuwe baadjie aan te trek en weer beskikbaar te stel sodat almal dit kan lees. Baie van hulle boeke word ook in verskeie wêreldtale vertaal. In die geloof het hulle gebou en deur die genade kry 'n handjievol lidmate dit reg om wêreldwyd 'n impak te hê.

## Droom ons nog dieselfde drome?

Interessant genoeg het ons kerkvaders in die AP Kerk dieselfde drome gehad. Reeds met die eerste sinode is al besluit om met 'n eie teologiese opleiding te begin en vandag is die Afrikaanse Protestantse Akademie die genadige uitvloeisel van hierdie vergesig. Die doel van hierdie instelling is om ons jongmense deur middel van

opleiding met 'n klassiek-Christelike inslag, te begrond en om predikante op te lei vir wie die gesag van die Skrif en die gereformeerde boustene van ons geloof, ononderhandelbaar is.[1]

In 1997 het die Sinode verder vorentoe gekyk en die belangrikheid van 'n eie uitgewery beklemtoon. Tydens hierdie Sinode is die stigting van Lig in Duisternis Uitgewers goedgekeur. Die doel hiervan was om ons lidmate met betroubare en Skrifgetroue leesstof te bedien waardeur hulle opgebou kan word. Dit gebeur egter maklik dat 'n mens na binne gerig raak, terwyl ons eintlik 'n uitstekende voertuig het om na buite gerig te wees.

Daarom het ons hier by Lig in Duisternis Uitgewers (LiD) ratte verwissel. Ons het 'n nuwe baadjie aangetrek waardeer ons graag ons merk in Suid-Afrika wil maak. As deel van ons nuwe voorkoms, het ons vir Lig in Duisternis Uitgewers 'n eie embleem ontwerp en as handelsmerk geregistreer. Hierdie embleem is 'n samevatting van dit waarvoor ons staan. Dit beeld die brandende bos bo-op 'n oopgeslaande Bybel uit. Die brandende bos herinner eerstens aan die gebeure in Exodus 3 waar God Homself aan Moses bekendgemaak het. Dit beklemtoon LiD en by implikasie die AP Kerk se Skrifbeskouing: Dit is God wat Homself aan ons bekendmaak en nie ons wat besluit wie en wat Hy is nie. Hy doen dit deur sy Woord.

Die brandende bos bind ons egter ook aan ons reformatoriese herkoms. Reeds so vroeg as die 16de eeu het reformatoriese kerke die brandende bos as simbool gebruik. Onder leiding van die Hugenote, was die Franse Gereformeerde Kerk die eerste om hierdie simbool as embleem te gebruik. Sedertdien het talle gereformeerde kerke hierdie embleem op een of ander wyse deel van hul simbole gemaak.

## Droom groter drome

Om egter 'n nuwe baadjie aan te trek, is maar net die begin van iets veel groter. Daarom wil ons graag 'n nuwe "bouprojek" aan u bekendstel. Soos wat die Here sy 12 apostels en die 120 Christene wat tydens Pinkster byeen was, gebruik het om die evangelie soos 'n veldbrand oor die wêreld te laat versprei, gebruik die Here steeds sy kerk. Lig in Duisternis Uitgewers is een van die voertuie in sy diens.

Ons doelwit is om Lig in Duisternis Uitgewers uit te bou tot dié toonaangewende Christelike uitgewery in Suid-Afrika. Ons wil onsself vestig as 'n uitgewery wie se produkte mense kan vertrou as **behoudend** en **Skrifgetrou**. Ons wil die 17 miljoen mense wat Afrikaans as eerste of tweede taal praat, met hierdie behoudende en Skrifgetroue leesstof bedien. Ons glo ons kan op hierdie manier 'n wesenlike impak op ons samelewing en mense se denkpatrone uitoefen. Ons glo ons kan hierdeur ons jongmense begrond sodat hulle in die toekoms nie mense sal wees wat vir niks staan en gevolglik vir alles val nie. Ons wil waarlik lig in duisternis wees wat soos suurdeeg die wêreld waarin ons leef, beïnvloed, terwyl ons deur die krag van die Gees die grense van die koninkryk verbreed.

Elke lid van die liggaam van Christus is noodsaaklik vir die behoorlike funksionering daarvan. Dit is dus tyd dat hierdie liggaam in beweging kom – van sy toontjie tot sy kroontjie.

### Wat kan u doen?

1 Bid vir ons. Bid vir God se seën op ons planne en dat die saad van die Woord deur hierdie projek in mense se harte sal ontkiem en vrug dra.

2 Raak saam met ons opgewonde oor wat God deur ons kan doen en betrek ander wat geroepe voel om 'n verskil te maak.

3 As jy wil help bou deur 'n maandelikse bydrae te maak, stuur vir ons jou kontakbesonderhede na **hoof@liginduisternis.co.za**

4 Nooi die LiD-span uit om in u gemeente te kom optree en van Lig in Duisternis se toekomsplanne te vertel.

Is jy moeg daarvoor dat dinge gaan soos dit gaan? Is jy moeg vir 'n soetsappige soort Christenskap wat vir niks meer staan nie? Is jy moeg daarvoor dat die gesag van God se Woord geminag word? Dan is dit tyd dat jy deel van hierdie bouprojek word – 'n bouprojek wat nie ná 10 jaar voltooi gaan wees nie, maar 'n bouprojek waardeur jy deelneem aan die bou van God se ewige tempel.

## Trek jou sokkies op

Dit is tyd om die troffels op te tel en te begin bou. Die opsteller van die Heidelbergse Kategismus, Zacharias Ursinus, was bekend daarvoor dat hy 'n slagspreuk bo sy studeerkamerdeur gehad het wat lui: As jy hier inkom, help my, maak gou of anders – kom uit my pad uit. Dit is met hierdie gesindheid wat ons u elkeen wil oproep tot deelname: Help ons, maak gou, of kom uit die pad uit.

Die tyd is hier, die tyd is nou! So, trek jou sokkies op – en help bou! ☺

1 Meer oor die AP Akademie se bydrae in die November-uitgawe.

### VERWOERDBURG

## Huldeblyk: Erma (SV) Lubbe
### (3 November 1928–20 Augustus 2021)


*Elmie van Zyl, Erma Lubbe en Annebie de Klerk*

As orrelis was dit my voorreg om vir 23 jaar 'n hartlike kerkwees saam met tannie Erma en oom Willie Lubbe (prof. Willie tot sy afsterwe op 2 Januarie 2017), in die AP Kerk Verwoerdburg te kon ervaar. In haar alledaagse lewe was sy by uitstek 'n "mensemens" en het haar deernis en uitreik na ander altyd 'n blywende indruk gelaat. Op aarde is haar soort dun gesaai en daar is oneindige kosbare herinneringe oor haar te koester. As stille krag langs oom Willie – wanneer hy die beginselvaste pad gestap het – het sy uitgestaan en haar teenwoordigheid het in vele geselskappe die rigting en koers bepaal. Telkens, suiwer en tot eer van God. Vir my was sy 'n omgeevriendin, veral in my eie hartseertye, wat ons verhouding soveel meer verinnig het. In gemeenteverband was sy meelewend en was in alle opsigte 'n voorbeeld vir ander. As getroue koorlid was sy 'n anker, wat ook daar haar besondere liefde vir musiek uitgeleef het.

Ek sal haar nagedagtenis altyd koester – vir die omgeemens wat sy vir almal was en haar voorbeeld om te lewe tot eer van God. Tydens 'n laaste besoek by haar aan huis 'n paar dae voor haar afsterwe, was sy, ten spyte van baie pyn in haar bene, steeds 'n gasvrou by uitstek.

Elmie van Zyl


## VOLKSHULP 2000

Volkshulp 2000 is 'n geregistreerde, nie-winsgewende welsynorganisasie wat na hulpbehoewende volksgenote omsien. Volkshulp 2000 ontvang geen hulp van die Staat of buitengewoon groot ondernemings nie. Ons is ten volle afhanklik van donasies en ander skenkings deur volksgenote. Hulpbehoewende volksgenote se getalle neem toe. Gesinne, kinders en bejaardes is die slagoffers van omstandighede buite hulle beheer. Ons doen 'n beroep op volksgenote om ons te help om die toenemende nood te bestry. Belastingkortingsertifikate is op aanvraag beskikbaar.

**Straatadres:**
Steadlaan 246, Queenswood, Pretoria
**Tel. nr.:** 012 755 8201/2,
**Posadres:**
Posbus 11824, Queenswood 0121
**Bankbesonderhede:**
Tjekrekeningnommer: Absa 10176514, takkode: 632 005


**By voorbaat baie dankie vir u bystand**

**BLOKKIESRAAISEL ANTWOORDE:** SEPTEMBER 2021, BL. 18



**SCHWEIZER-RENEKE**

## Bevestiging van 'n derde predikant in net meer as 30 jaar


Ds. Martin Jordaan word deur ds. Stephen de Villiers bevestig

Op 31 Julie 2021, te midde van die COVID-pandemie, verwelkom die AP Kerk Schweizer-Reneke, bietjie meer as 30 jaar ná haar stigting, ds. Martin Jordaan as derde leraar van die gemeente.

Ds. Stephen de Villiers het ná 30 jaar as leraar van die gemeente, op 31 Mei 2021 geëmeriteer. Die gemeente het daarop in 'n tweede beroep ds. Martin Jordaan van Standerton beroep. Ná aanvaarding van die beroep is ds. Jordaan op 31 Julie 2021 deur ds. De Villiers as leraar van die gemeente bevestig en het hy die spreekwoordelike aflosstokkie aan ds. Jordaan oorhandig.



Ouderling Willem Koegelenberg hou groetebriewe voor aan ds. Jordaan

Op Sondag, 1 Augustus 2021, het ds. Jordaan sy intreepreek gelewer en al klaar, te midde van inperkingsmaatreëls, begin om in die gemeente te arbei, om onder andere in hartseertye te bemoedig waar geliefdes aan die dood afgestaan is. Wat 'n manier om in die nuwe gemeente te begin werk!

Ons vertrou dat ds. Jordaan gou sy voete sal vind en deur die leiding van die Heilige Gees diep in die harte van die gemeente sal kruip. Baie welkom by ons, ds. Martin.

Willem Koegelenberg


**Hartenbos vakansie-akkomodasie**

**Marjohandie Woonstel:** 3 slaapkamer, 2 badkamer, oopplan kombuis en leefarea. Slaap 6 persone. DSTV, wasmasjien, skottelgoedwasser, tuimeldroeër, onderdak ingeboude braai. Loopafstand van die see.

**Die Huisie:** 3 slaapkamer, 2 badkamers, oopplan kombuis en leefarea. Slaap 6 persone. DSTV, wasmasjien, verskuifbare braaier. Loopafstand van die see.

*Bring eie bad- en swemhanddoeke.*
*Geen troeteldiere of bediendes nie.*

**Kontak Cornelle 082 377 4896**

**PRETORIA OORNAG KAMERS**

Rustig en skoon. Naby N1,
Menlyn Mall en vyf hospitale.
Selfsorg.

**Kontak Rosi by 082 748 5042**

**Voornemende en huidige KOVSIES 2021**

Vind u geestelike tuiste en
skakel in by ons bedrywighede.

**AP Kerk Bainsvlei – Kontak ons by 082 614 5857**

Wil u in *Die Boodskapper* adverteer? Stuur 'n e-pos na boodskapper@apk.co.za

**WONDERBOOM**

## Manne-ontbyt



Op Saterdag, 15 Mei 2021, was dit weer sulke tyd. Om op te staan en uit te sien na 'n heerlike warm ontbyt en goeie geselskap was nog nooit te versmaai nie. En dit nogal so mooi in die aanloop tot die winter. 'n Samekoms van ongeveer 32 mans en 12 susters het van hierdie oggend net weer 'n reusesukses gemaak. Ja, dit was inderdaad weer tyd vir die jaarlikse manne-ontbyt, aangebied deur die susters van die gemeente. Die manne het tou gestaan vir hierdie heerlike oggend, wat bestaan het uit musiek, 'n baie smaaklike ontbyt en natuurlike goeie geselskap. Gideon Vermaak het die manne vermaak met goeie musiek uit die verlede en staaltjies uit die goeie ou dae is ook tussen die "oues van dae" gedeel. COVID-19 en die struwelinge van die afgelope jaar was vir eers heeltemal vergete. Daar kon ook geen fout gevind word met die heerlike ete wat voorgesit is nie. Van 'n vrugteslaai-voorgereg tot pap, maalvleis en eierkoekies tot vars brood met 'n groot verskeidenheid van smaaklike konfyte. As iemand ná hierdie ete nog honger was, was dit nie aan die susters se kosmaak te wyte nie. Die manne kan nie anders as om die susters van harte te bedank vir hierdie groot voorreg wat ons kon geniet nie. Ons kan net hoop en glo dat ons wel eendag weer die geleentheid sal hê om dieselfde vir die susters te kan bied. Dit was voortreflik – baie, baie dankie.

## Jeugkamp





Tydens die naweek van 23-25 April 2021 het die jeugkamp plaasgevind. Hierdie was 'n geleentheid vir jeug van alle ouderdomme om weer saam te kuier en te lag na 'n spanningsvolle jaar van COVID-19. Die naweek was 'n reusesukses. Aktiwiteite was daar nie 'n tekort aan nie en aan kos ook nie. Van heerlike worsbroodjies, pizzas en braaivleis tot 'n geurige ontbyt. Johan (sr.) en Thea Coetser het 'n heerlike Sondagmiddag hoenderpot en pap vir ons voorberei. Van die jeug se kant af kan ons net sê: "Baie dankie." Dit was voortreflik. Die jeug het hulself besig gehou met swem, waterglybane, bergklim en dan nog 'n bietjie swem. 'n Paar poetse is gebak, maar daarsonder is 'n jeugkamp nie 'n jeugkamp nie. Daar was gelag en gespeel en gekla van stywe spiere, maar deur dit alles het ons mekaar beter leer ken. Sondagoggend is daar 'n boodskap gelewer deur Johan Coetser (jr). 'n Boodskap waarmee die jeug van vandag kan vereenselwig. Dit is nie altyd maklik om voor mense te praat nie en ons wil graag vir Johan ook baie dankie sê. Van die jeug se kant af wil ons graag ons dank uitspreek teenoor al die borge wat hierdie naweek moontlik gemaak het. Daar was oorgenoeg van alles vir almal. Ek wil nie regtig name uitlig nie, want ek gaan iemand vergeet. Van die reël van die terrein, toegang, kos, speletjies, hulp met aktiwiteite, toesig, en soveel meer, kan ons jeug net dankie sê. Elke bydrae word ontsettend waardeer en word nooit misgekyk nie. Jonk en 'minder jonk' kon saam die naweek geniet. Ons wil ook al die ouers bedank wat hul kinders saamgebring het na die kamp. Sonder hulle sou hierdie kamp ook nooit 'n sukses kon wees nie. Ons kan nie wag vir volgende jaar nie.

Susan Greyling

**WONDERBOOM**

## Huldeblyk: David Schalk van der Merwe
**(28 April 1961-20 Julie 2021)**



Ek het met skok verneem van David se oorlye, aangesien ek hom geken het as 'n man wat hard kon werk en menige keer as gesonde mens na sy afgeleë werkplekke oral in die land heen en weer gereis het. Hier is hy skielik deur die nuwe siekte oorval en ná oorplasing na Bloemfontein om plek in 'n hospitaal te kon kry, het sy toestand verswak en het hy aldaar gesterf.

David en ook sy oorlede eggenote, Paula, was veral baie betrokke by ons gemeente (Wonderboom) waar hy geruime aantal jare reeds as ouderling, ook tot sy dood, voorsitter van die kerkraad en hoof van die verbondsonderrig was. Dit was my voorreg om David met sy eggenote en destyds hul klein dogtertjie die eerste keer 'n klomp jare gelede te ontmoet toe ek by hulle huisbesoek gaan doen het. So het ons al die jare mekaar geken en toe ek sedert 2019 nie meer maklik in die aand motor kon bestuur nie, was David die vriend wat my gereeld na ons kerklike vergaderings opgelaai het en weer by my huis te Wildebeesthoek besorg het.

David het ook gedurende die afgelope aantal jare by sy woonplek in ons gebied 'n nuwe begraafplaas aangelê en tot beskikking van ons gemeenskap gestel. As ek reg onthou, is Paula in die eerste graf aldaar begrawe en nou is David langs haar in die Golden Acres Memorial Park te ruste gelê. Op 23 Julie is eers 'n diens in die kerk van die AP Kerk Wonderboom deur prof. Gerrit Smit gehou met Skriflesing uit Filippense 1 en die teksvers 22 in die woorde van Paulus: *Vir my is die lewe Christus en die sterwe wins*. Prof. Smit het die lewe van David as voorbeeld vir sy medemense voorgehou soos 'n Paulus wat nie volmaak was nie en ook foute gemaak het, maar altyd 'n ware voorbeeld vir sy medemens in sy handel en wandel was.

Ek is dankbaar dat in hierdie tyd van inperkings en regulasies vir die COVID-19-pandemie, ek die verrigtinge vandag, terwyl ek die huldeblyk moes skryf, met behulp van die tegnologiese ontwikkelinge eers volledig kon aanhoor en nou saam kan stem met prof. Smit. David was 'n staatmakervriend en gelowige en ywerige Christen. Hy is nou veilig by die eindpunt van sy aardse lewe, maar by die beginpunt van sy ewige lewe en dit is ook vir hom die wins waarvan Paulus geskryf het. Ek sal David saam met sy dogter en skoonseun en ander familie mis en verseker hulle van ons gebed, dat hulle ook troos en berusting sal vind in hul mooi herinneringe van David. Tanya en Jankus: Besonder sterkte vir julle saam met jul klein kindjie toegebid. Dit is 'n voorreg om David te kon ken.

**Manie Lemmer**

## Gemeentenuus – ons wil graag van u hoor!

Stuur asseblief alle gemeentenuus in Microsoft Word-formaat aan ons. Nuusbrokkies moet nie langer as 300 woorde wees nie en ook nie ouer as ses maande nie. Ons wil graag foto's saam met u berig plaas. Stuur dit asseblief apart aan en nie as deel van die Word-dokument nie. Ons benodig die oorspronklike, hoë resolusie foto's. Stuur u gemeentenuus na boodskapper@apk.co.za vir plasing.

## AP KERKDASSE

Wit Kerkraadsdasse @ R120
10 en 20 jaar gedenkdasse ook beskikbaar op navraag

**VIR BESTELLINGS**
kontak Sonja Horn
Tel 015 2988028
Faks 0865305709

e-pos pietersburg@apkerk.co.za

Posgeld en verpakking sal bepaal word met bestelling
**Kantoorure:** Maandae tot Vrydae: 08:00 tot 13:00

## Oornagverblyf Kroonstad

2 Gemeubileerde kamers met beddegoed
15 kamers met 2 beddens elk en ablusiegeriewe, asook karavaanstaanplekke.
Kan ook groepe van ongeveer 70 persone huisves.
Volledig toegeruste kombuis op aanvraag beskikbaar.
Kontak Annette Kok by 079 768 0525 vir verdere navrae of besprekings.

## IS JOU REKENAAR BEGROTING BEPERK WEENS COVID-19?

Ons verkoop opgeknapte (refurbished) rekenaars, skootrekenaars en bedieners. Alle opgeknapte rekenaars het 'n een jaar waarborg. Ons koerier landswyd!

**Kontak Pieter by 083 214 3521 of pieter@activepc.co.za**

## BALLITO

Luukse netjiese toegeruste 3 slaapkamerwoonstel. Loopafstand van die strand. Pragtige see-uitsig. Motorhuis en onderafdak parkering in sekuriteitskompleks. Billike tariewe. Linne ingesluit.

**Kontak Dina 012-662 5689 / 083 285 4738**

## BLOEMFONTEIN OORNAG-WOONSTEL

• Ruim luukse oornag-woonstel met eg Suid-Afrikaanse gasvryheid • Veilige parkering • Skoon, netjies • Kleur TV • Stil en rustige atmosfeer

Tel: (051) 522-6035 / Sel: 082 726 9959

## OORNAG TE BLOEMFONTEIN

Selfsorg oornagkamers elk met:
minikombuis en -badkamer, lugreëling, TV, braai- en vriesgeriewe, veilige onderdak parkering

Slaap 1-4 en 1-5. Naby N1

**Skakel Belie by 051 433 2635 of 072 342 7530**

## WOW!! Vakansiewoonstel te huur!!

Luukse selfsorg, ruim, vakansiewoonstel **(Doonside naby Winkelspruit)** teen strand (70 m). Pragtige see-uitsig. 3 Slaapkamers, 2¼ badkamers, veilige sekuriteitsbeheerde parkering onder die gebou. Naby groot winkelsentrums. Billike tariewe, ook buite seisoen.

**Kontak: Petro 082 412 0999 / 082 550 3385**

## DOONSIDE (2 km van Toti)

Shangrila: Seefront, 2 + 3 slaapkamers; sommige DSTV. Onderdak parkering. Braaiplek, winkel, wassery. Superwaarde.

082 821 2601 / 012 006 1064
www.shangrilaholidayflats.co.za

## Hartenbos Woonstel

Puik selfsorg woonstel. Stap na strand
Skottel TV. Onderdak braai op patio
Slaap 1-6. Baie gewild. Beste tarief heel jaar

**Kontak: 044 695 0219 / 082 641 4092**

## Natal Suidkus – Southport

Lekker, gerieflike selfsorg tuinwoonstelle te huur vir vakansie. Ten volle toegerus. Loopafstand van die see, braaigeriewe, see uitsig, DSTV ens.
***Kom ontspan in 'n rustige stil omgewing!***

**Kontak Hendrie: 072 932 1070**

## SUIDKUS MARGATE

**Loopafstand van hoofstrand.**
**2 Slaapkamer – 6 persone. See- en brander-uitsig van balkon. 2 x onderdak parkering**

**Skakel Liezl vir tariewe 082 788 9304 of skakel of sms Thys: 082 921 1922**




**WONDERBOOM**

# Verjaarsdae


Joegie Cornelius

**Joegie Cornelius – 94 Jaar**

Tannie Joegie was vanaf 1987 lidmaat van AP Kerk Brits, waar sy een van die stigterslede was. Sy verhuis vanaf Brits na Pretoria-Noord, waar die AP Kerk Wonderboom gestig is. Ook hier was sy 'n stigterslid. Aanvanklik is eredienste gehou in die saal van Laerskool Stephanus Roos in Sinoville. Daarna het eredienste plaasgevind in die Gerrit Maritz Hoërskoolsaal, totdat die huidige kerkgebou opgerig is. Tannie Joegie was betrokke by die sustersvereniging en was van hulp by basaarvoorbereidings; sy het koekies help bak vir fondsinsamelings, gehelp tydens begrafnisdienste en gedurende sinodesittings. Weens gesondheids-redes moes sy haar hulp aan die laaste sinode onttrek.


Hennie Luüs

**Hennie Luüs – 101 Jaar († 19 Junie 2021)**

Oom Hennie Luüs was gebore op 29 Oktober 1919 en was steeds op die rype ouderdom van amper 102, die pittigheid self. Lidmate van AP Kerk Wonderboom het hom leer ken as 'n statige omie met 'n gepaste grappie vir elke geleentheid.

Hy het gedurende 1988 vanuit die NG Kerk lidmaat van die AP Kerk Wonderboom geword. Hier het hy die grootste deel van sy lidmaatskap as ouderling gedien. Hy en sy gesin was elke Saterdag op hulle pos by die pannekoekstalletjie by Shoprite in Pretoria-Noord om fondse in te samel vir die kerkbouprojek, aangesien die eredienste by 'n skool gehou is. Hy was ook deel van elke sinode en het elke kerkraadsvergaderig opgehelder met sy unieke grappies wat oud en jonk geniet het. Hy was besonder geliefd onder die kerklidmate en het altyd 'n positiewe uitkyk op die lewe gehad. 'n Man wat nooit iets slegs in 'n persoon of situasie sou sien nie. Sy woorde op 3 Mei 2021 aan sy geliefdes was dat hy "okay" is – net 'n bietjie moeg. Ek dink oom Hennie sal onthou word as 'n kerkman, 'n Godsman en gesinsman, wat 'n ongelooflike positiewe en onberispelike voorbeeld stel vir oud en jonk gestel het. – Annalie Pretorius


Ella Potgieter saam met haar dogters

**Ella Potgieter**

Tannie Ella Potgieter het op 22 Julie 2021 die rype ouderdom van 101 jaar bereik. Op die foto is tannie Ella saam met haar twee dogters Elsa Olivier (links) en Welma Jacobs (regs).


Annetjie en Johanna

**Annetjie en Johanna**

Tannie Annetjie is 91 jaar oud en haar suster, tannie Johanna, is 81 jaar oud. Sy is een van die kerk se stigterslede en help steeds met begrafnisse, teeskink en sinodes.

Susan Greyling



# Atoombom op Nagasaki (9 Aug. 1945): Wat het dit met Suid-Afrika te doen?

**Dr. Pieter Mulder**

**Hoekom is 9 Augustus 1945 so 'n belangrike datum in die wêreldgeskiedenis?**
Omdat dit die laaste datum is waarop 'n atoombom gebruik is om mense dood te maak. Op hierdie datum het die Amerikaners tydens die Tweede Wêreldoorlog 'n atoombom op die Japanse stad Nagasaki gegooi. In 1945 het Nagasaki ongeveer 260 000 inwoners gehad. 150 000 hiervan is onmiddellik dood of ernstig beseer.

Ná Hirosjima was die Japanse stad Kokura in 1945 gekies as teiken vir die tweede atoombom. Vyf Japanse stede is aanvanklik deur die Amerikaners uitgekies as moontlike teikens vir die eerste atoombomme. Nagasaki was nie een van hulle nie.

### Wat het gemaak dat die tweede atoombom op Nagasaki en nie op Kokura gegooi is nie?

Die bemanning van die Amerikaanse Boeing B29-bomwerper het naby hulle teiken, die stad Kokura, die elektroniese veiligheidspenne uitgetrek wat die atoombom finaal geaktiveer het. Omdat tot 70% van die stad met wolke en rook bedek was, kon hulle nie die stad en hulle teiken sien nie.

Die vliegtuigbemanning het 'n tweede keer probeer deur vanaf 'n ander kant oor Kokura te vlieg. Weer was die teiken nie duidelik sigbaar nie. Ná die derde mislukte poging moet daar besluite geneem word. Die vliegtuig het reeds 50 minute gemors met drie pogings oor die stad. Die brandstof was so laag dat die vliegtuig nie meer veilig na sy basis op Iwo Jima sal kan terugkeer nie. Hulle sal nou na die nader Amerikaanse basis op Okinawa moet vlieg om veilig te kan land. Omdat hulle nie met 'n geaktiveerde bom kan land nie, sal hulle dit in die see moet gooi voor landing. 'n Ander opsie is om dit op 'n tweede teiken te gooi.

Op pad na Okinawa vlieg hulle toevallig oor Nagasaki. Die stad is ook met wolke bedek. Vir 'n kort oomblik is daar 'n opening in die wolke waardeur die bombardier 'n klein gedeelte van die stad kan sien. Om 11:01 die oggend laat hy die bom los. Dit val vir 47 sekondes en ontplof ongeveer 500 m bokant die grond.

Van die oorlewendes in Nagasaki het die ontploffing beskryf as 'n skielike reusepilaar van pers vlamme met daarna 'n sampioenwolk wat tot 14 000 m die lug in opgestyg het. Die ontploffing het 'n drukwind van 1 005 km/h veroorsaak wat vanaf die middelpunt uitgekring het. Hierdie wind het alles voor hom platgevee. Dit is gevolg deur 'n golf van hitte en radio-aktiewe bestraling. Die hitte se temperatuur was 3 900 °C. Dit is warmer as die son se oppervlakte. Niks kon dit oorleef nie. In 'n sirkel van 4 km vanaf die middelpunt is alle huise vernietig en net 'n kaal gestroopte vlakte van rommel is agtergelaat.

In die middelpunt is later 'n swart suil opgerig. Ek was bevoorreg om dit onlangs in Nagasaki te kon besoek. Presies 500 m bokant hierdie suil het die bom ontplof. Langs die suil is 'n swart kis, 'n senotaaf of leë graf, simbolies vir al die dooies wat nooit gevind is nie.

Sowat 300 m vanaf die middelpunt van die ontploffing was die Urakami Nagasaki-tronk. Die tronk het staal-



*Net fondamente is al wat van die dik versterkte mure van die tronk oorgebly het*



*'n Swart suil met 'n leë senotaafkis dui die presiese punt aan waar die bom 500 m bo die grond ontplof het*

Vervolg op bl. 36



# Sondag 1-52: Waarna soek die musikale konteks?

**Braam van Tonder**

**Is die musiek in die kerk net ’n verbreking van die stilte? Gee dit die prediker ’n kans om ’n slukkie water te neem? Sing ons geestelike liedere soos Kolossense 3:16 ons vermaan?**

Uit die vorige artikels blyk dit duidelik dat musiek, of enige ander liturgiese aksie buiten die prediking, net so belangrik as die prediking self is. Jakobus 2 spreek van die nutteloosheid van die geloof sonder die werke en verwys in vers 10 na totale skuld indien een van die gebooie nie gehoorsaam word nie. Die suiwerheid van die Woordbediening is belangrik, maar so ook die res van die erediensinrigting, asook ons verkondiging en lewe na buite. 1 Korinthiërs 11:29 bevestig dit ook by die gebruik van die nagmaal, naamlik dat elkeen wat op ’n onwaardige wyse by die tafel aansit, ’n oordeel oor homself bring. Ons sing dus nie maar net van Sondag tot Sondag nie. Ons aanbid deur ons sang. Ons rig al ons aktiwiteite op God, soos Hy dit van ons eis (vgl. Ps. 50:14).

Die musikale konteks wat in hierdie reeks artikels behandel is, het getoon hoe kerkmusiek ontwikkel het: Bybelse liedere, reformatoriese liedere, gesange en die uitvoerpraktyk binne ’n erediens. Hierdie finale artikel kyk na die liturgiese kerkjaar.

## Groot momente binne die liturgiese kerkjaar

Binne ’n gesonde balans kry ’n mens dikwels die waarheid. Aan die een kant is die Roomse Kerk, wat die liturgiese jaar so fyn beplan om almal en alles te vereer, dat reformatore teen die afgodery van “heiliges” uitvaar. Aan die anderkant is die reformatore dalk té anti-Rooms, wat veroorsaak dat die liturgiese kerkjaar verskraal word tot Kers- en Paasfees, met Pinkster vir die wat baie heilig lewe (die sogenaamde “trou-doop-graf”-Christene, met ’n nagmaal so nou en dan).

Daar is egter twee benaderings wat baie doelgerigtheid aan gemeentesang kan gee:

### 1. ’n Beplande liturgiese kerkjaar met momente soos die volgende:

- Hervormingsondag
- Ewigheidsondag
- Advent (gewoonlik vier weke voor Kersfees)
- Kersfees
- Jaarwisseling
- Epifanie
- Doop van Christus
- Die erediens: Lof en aanbidding, gebede, geloofsbelydenis, die Woord van God, die sakramente, die gemeenskap van gelowiges
- Lydenstyd
- Palmsondag
- Goeie Vrydag
- Paassondag
- Opstandingstyd
- Hemelvaart
- Pinkster
- Drie-eenheidsondag
- Die jeug/kind
- Die kerk
- Die wêreld
- Vrouedag
- Klaagliedere
- Bartholomeusnag
- Lente
- Skepping en onderhouding
- Die Onse Vader: bedes 1-6 (kan tot ses weke dek)
- Hervormingsondag

Alhoewel hierdie ’n breedvoerige lys is, kan daar ook bygevoeg of weggeneem word. Die jaarwisseling,

seisoenveranderings, Vrouedag of Bartholomeusnag kan bestempel word as nie-amptelike feesvieringe wat nie van toepassing op die erediens is nie.

### 2. Periodieke tydperke

Die voorstel van periodieke tydperke kan van bogenoemde dele gebruik en/of tematiese tydperke volg. Reeksprediking of tematiese wisselwerking binne 'n gemeente, kan 'n hegte eenheid vorm. 'n Bybelse indeling wat gebruik kan word, kan soos volg lyk:

- Pentateug
- Rigters en Konings
- Wysheidsliteratuur
- Groot en klein profete
- Vier Evangelies – Blye Boodskap
- Pauliniese briewe
- Algemene briewe
- Apokaliptiese boeke
- Geskiedenisboeke

Prediking, liturgiese musiek, Bybelstudies of enige ander kerklike aktiwiteite, kan eenvormigheid in hul handelinge verkry deur deeglike beplanning ten opsigte van die kerklike jaar. Dit sal die gemeenskap van die heiliges stimuleer en saamsnoer tot ware aanbidding.

---

Vervolg vanaf bl. 34

## Atoombom op Nagasaki (9 Aug. 1945)

versterkte gewapende betonmure van 25 cm dik en 4 m hoog gehad. Die tronk het 20 000 $m^2$ beslaan. Ná die ontploffing was niks, behalwe die fondamente van die tronk, oor nie. Die bewaarders, gevangenes en mure het letterlik in die hitte verdamp.

Die bomwerper het met min brandstof voortgevlieg. Die bemanning van die vliegtuig het nie die vaagste idee gehad van die werklike omvang, skade en dood wat hulle agtergelaat het nie. Die werklike impak van hierdie nuwe oorlogswapen sou eers later besef word. Hulle het Okinawa lugmagbasis net-net gemaak met twee van die vier enjins wat weens 'n tekort aan brandstof reeds gaan staan het.

Vanweë wolke oor Konkura is duisende inwoners van Nagasaki se lewe en toekoms binne enkele sekondes ingrypend verander. As die stad Konkura nie op daardie dag met wolke bedek was nie, sou Nagasaki vandag steeds 'n onbekende Japanse stad gewees het.

Net 20 jaar het verloop tussen die Eerste Wêreldoorlog en die Tweede Wêreldoorlog in 1939. Vir 76 jaar vanaf die Tweede Wêreldoorlog tot vandag gebruik wêreldleiers die afskrikwaarde van hierdie verwoestende bom om vrede mee te beding en 'n Derde Wêreldoorlog te keer.

Op 2 Februarie 1990 kondig president FW de Klerk aan dat Nelson Mandela vrygelaat word en dat die ANC en Kommunistiese Party in Suid-Afrika ontban word. Op 26 Februarie 1990 gee FW de Klerk in die geheim opdrag dat die Suid-Afrikaanse kernwapenprogram onmiddellik gestaak moet word en dat die ses atoombomme wat reeds gemaak is, tot niet gemaak moet word.

Die Amerikaners en die inspekteurs van die Internasionale Atoomenergieagentskap (IAEA) sou later jare hul hande in verbasing saamslaan oor die kennis en tegniese vaardighede waarmee Afrikaners 'n eie atoombom ontwikkel het. Lees gerus Nic von Wielligh se boek *Die Bom* hieroor.

### Hoekom is daar kort ná Mandela se vrylating opdrag gegee om Suid-Afrika se kernvermoë te vernietig?

President De Klerk het op daardie tydstip die versekering aan kiesers gegee dat met magsdeling die staatsmag nie aan 'n ANC-regering oorhandig sal word nie. Tog is dit net 'n logiese gevolgtrekking dat die besluit deel was van 'n gereedmaakproses om die politieke mag aan die ANC te oorhandig.

Die eerste openbare bekendmaking dat Suid-Afrika atoombomme besit, maar dat dit nou vernietig is, is eers drie jaar later op 23 Maart 1993 in die Parlement gemaak. Die ANC was kwaad en wou dit nie gehad het nie. Uit verskillende bronne is dit duidelik hoeveel druk daar vanaf die Amerikaanse- en Britse regerings op Suid-Afrika was om sy kernvermoë te vernietig. Hulle het met reg gevrees dat 'n toekomstige ANC-regering hierdie vermoë met Kuba, Libië en hulle ander vennote sal deel.

Mag ek vir 'n oomblik droom dat Afrikanerpolitici in 1994 ons atoombomvermoë gebruik as bedinging om met die wêreld 'n eie Afrikanerstaat te beding. 'n Staat wat vrede en nie oorlog soek nie, maar wat sy atoomvermoë, soos Amerika en Rusland, as bedinging en afskrikmiddel gebruik om sy oorlewing in Afrika en die wêreld te verseker.

SMELTOOND

• Oktober 2021 •



# Opstand teen verpligte inentings neem toe

In die VSA heers daar groot ongelukkigheid nadat president Joe Biden aangekondig het dat inentings voortaan verpligtend vir alle werknemers van die federale regering is. "Ons gaan ingeënte werkers teen hul oningeënte medewerkers beskerm," het Biden verklaar.

Regeringswerknemers en kontrakteurs wat werk vir die regering doen, gaan voortaan nie meer die opsie hê om hulle gereëld vir COVID-19 te laat toets nie. "As jy saam met die federale regering wil werk en met ons besigheid wil doen, laat jou inent," het Biden gesê. "As jy besigheid met die federale regering wil doen, sorg dat jou werksmag ingeënt is." Hierdie maatreël raak meer as 100 miljoen Amerikaners.

Volgens *Christianity Today* lei hierdie maatreëls tot grootskaalse ongelukkigheid en weerstand. Al hoe meer Amerikaners voer godsdienstige redes aan om die verpligte inenting vry te spring. Verskeie leiers van die Republikeinse Party het ook sterk standpunt teen president Biden se verpligte inenting ingeneem. Tate Reevers, goewerneur van Mississippi, het die skuif as "vreesaanjaend" beskryf en soos volg op Twitter gereageer: "Hierdie is steeds Amerika en ons glo steeds daarin om vry van tiranne te wees." Goewerneur Greg Abbott van Texas, het Biden se nuwe beleidsrigting as 'n "magsvergryp" beskryf.

Intussen is meer as 3 000 Franse gesondheidswerkers in September sonder betaling geskors, omdat hulle geweier het om die COVID-19-inenting te neem, berig *The Gaurdian*. Heelparty het ook weens hierdie verpligting bedank.

Intussen loop gemoedere wêreldwyd hoog oor die dra van sogenaamde COVID-19-paspoorte. In Frankryk het meer as 200 000 mense aan 'n protesoptog teen COVID-19-paspoorte deelgeneem. Ook in Kanada, Nederland en België het derduisende die strate ingevaar teen, wat hulle noem, drakoniese maatreëls wat mense se persoonlike vryhede inperk. Gewelddadige betogings teen COVID-19-paspoorte het ook in ander Europese lande soos Denemarke en Spanje voorgekom. In Brittanje is planne om COVID-19-paspoorte in te stel, laat vaar weens grootskaalse weerstand daarteen.

In Suid-Afrika neem vrese toe dat die regering ook inentings verpligtend gaan maak, sonder om byvoorbeeld iets soos natuurlike immuniteit in ag te neem. COVID-19-paspoorte is reeds 'n besprekingspunt met die regering wat ondersoek instel na die implementering daarvan. Dít alles nadat president Ramaphosa tydens die begin van die inentingsprogram aangekondig het dat geen Suid-Afrikaner verplig sal word om die inenting te neem nie.

Hoewel die Suid-Afrikaanse regering nog nie COVID-19-inentings verpligtend gemaak het nie, is daar al meer maatskappye wat van hul werknemers verwag om ingeënt te wees. Die mediese fonds Discovery het hierin die voortou geneem, maar is ook deur Sanlam en ander maatskappye gevolg. Intussen het die Universiteit van Kaapstad ook aangekondig dat hy 'n voorstel oorweeg om inentings onder personeel en studente verpligtend te maak.

Vroeër vanjaar het Solidariteit 'n regsmening gepubliseer waarvolgens hulle meen dat enige eensydige besluit om inenting verpligtend in die werkplek te maak, nie in 'n hof afgedwing kan word nie. "Volgens die regsmening is dit duidelik dat werkgewers binne die arbeidsregsraamwerk moet funksioneer en dat dié raamwerk nie voorsiening maak vir verpligte enstoftoediening aan werknemers nie," sê dr. Dirk Hermann in 'n artikel op *Maroela Media*.

In 'n artikel in die *Health and Human Rights Journal*, skryf Tanya Calitz dat dit nie so maklik gaan wees vir die Suid-Afrikaanse regering om inentings verpligtend te maak nie. Volgens haar is elke mens se reg tot vryheid en sekuriteit in die grondwet van Suid-Afrika vasgelê. Afdeling 12(2) maak voorsiening daarvoor dat elke persoon die reg tot liggaamlike en psigologiese integriteit het. Dit sluit die reg in om self te besluit oor sake soos voortplanting, die beskerming van en beheer oor hul liggame, asook die keuse om nie aan mediese en wetenskaplike eksperimente onderwerp te word nie.


Die weerstand van vele teen gedwonge inentings moet nie noodwendig met teenstand teen inentings verwar word nie. Die vrees is dat die prysgawe van sekere persoonlike vryhede uiteindelik 'n presedent kan skep vir ander vryhede om ook, in die naam van dit wat tot "almal se voordeel is" ("greater good"), geskend te word.

# Die Boekwinkel

**LIG IN DUISTERNIS UITGEWERS**

Hierdie jaar se dagstukkies is geskryf aan die hand van 12 temas. Dit is gemik op die Christen se lewe onder God se heerskappy. Die temas wat behandel word, sluit in:

- 'n Godvrugtige lewenswandel
- Geestelike groei
- Verhoudings
- Gebed
- Versoekings
- Identiteit
- Diensbaarheid
- Rentmeesterskap
- Geloof(sekerheid)
- Kinderopvoeding
- Barmhartigheid
- Gawes




**Verkoopprys (posgeld ingesluit) is:**


**Opsie 1: R115,00**
Slegs dagstukkies *(Onder Sy heerskappy)*

**Opsie 2: R50,00**
Slegs Statistiek en Inligting (gedruk)


**Opsie 3: R225,00 (Spesiale aanbieding)***
Dagstukkies + *Die Gebede van Jesus*

Die *Statistiek en Inligting* sal ook weer elektronies beskikbaar gestel word op ons webblad teen R30,00 elk.

**Die spesiale aanbieding is slegs beskikbaar tot 6 Oktober 2021*




Slegs dagstukkies
**Prys: 115,00**




Slegs statistiek
**Prys: R50,00**




Dagstukkies +
Die gebede van Jesus
**Prys: R225,00**

T: 012 362 1390 / boekwinkel@liginduisternis.co.za

Lig in Duisternis UITGEWERS

JEUG
BOODSKAPPER
(012) 362 1390 • boodskapper@apk.co.za
No. 158 • Oktober 2021



# AFGODE – WAT IS DIT?

In die boek Rigters lees ons dat Israel baie keer gesondig het deur ander gode te aanbid. Wanneer hulle die afgode aanbid het, het God hulle elke keer gestraf en dan het hulle tot bekering gekom: hulle het opgehou om daardie vreemde gode te aanbid en hulle het weer die Here gedien.

Wanneer ons na Israel se geskiedenis kyk, dink ons met goeie rede dat hulle baie keer ongelooflik dom moes gewees het. Hoe dan anders as jy ’n stuk hout vat, ’n gesig op daardie hout uitkerf en dan later voor die stuk hout buig asof dit ’n god is. Hulle het dit nie net met houtafgode gedoen nie. Daar was afgode wat ook van silwer en goud gemaak was.

Dit maak nie regtig saak waarvan die afgode gemaak is nie, die punt is dat hulle gekies het om eerder voor ’n dooie ding te buig as voor die lewende God. Hulle het gedink dat as hulle ’n ander god vir hulp gaan vra, hy of sy hulle beter gaan help as die enigste, ware God.

Die meeste van ons sal nie sommer vandag voor ’n stuk klip of hout buig nie. Ons weet mos dat ons nie op ’n stuk hout of klip kan vertrou om vir ons te sorg nie. Ongelukkig beteken dit nie dat ons vandag nie meer afgode het nie. Ons dink dadelik byvoorbeeld aan Hindoes en Moslems. Selfs al is hulle vriendelike en gawe mense, is hulle ongelukkig besig om afgode te aanbid.

Maar daar is baie mense wat hulself Christene noem, wat ook afgode aanbid. Al verskil is dat hulle afgode nie name soos Boeddha of Allah het nie. Die Heidelbergse Kategismus vat dit mooi raak as dit verduidelik wat afgodery is. Daar staan: “Dit is om in die plek van die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het, of naas Hom iets anders uit te dink of te hê waarop jy jou vertroue stel” (HK v/a 95).

Kom ons gebruik ’n paar voorbeelde. Die Here Jesus se dissipels was vissermanne (vgl. Mt. 4:18). Hy het hulle selfs gehelp visvang (vgl. Lk. 5:1-11). Visvang is dus nie verkeerd nie, maar as jou tyd langs die dam of op die see vir jou belangriker as jou tyd saam met God is, dan het visvang vir jou ’n afgod geword.

Jy kan ook van rekenaarspeletjies of jou selfoon ’n afgod maak as dit vir jou belangriker as God is. Dit beteken dat jy selfs ook van jou vriende of jou ouers ’n afgod kan maak, as hulle vir jou belangriker as God is.

Verstaan asseblief baie mooi. Ek probeer glad nie sê dat alle ouers, vriende, selfone, rekenaar- of videospeletjies, ensovoorts, vanself afgode is nie. Daardie goed wat vir jou belangriker as God is, word jou afgod. Johannes Calvyn het dit mooi verduidelik toe hy geskryf het dat die mens se verstand ’n fabriek vir nuwe afgode is (Institusie Boek 1.11.8).

Ons gaan in die Oktober- en November-uitgawes van die Jeugboodskapper by hierdie gedagtes stilstaan. Ons weet nou reeds wat afgode is. In die artikel op bladsy 7-8 wil ek verduidelik hoekom afgode so gevaarlik is. Mag jy genade kry om die afgode in jou eie lewe raak te sien en dit ook te vernietig.


**Groete,**
**ds. Henning**



Salomo word verlei tot afgodery. God kondig hom sy straf aan (1 Kon. 11:1-13, 28-40)

# JOHANNES DIE DOPER

Die Joodse skares by die Jordaan bely hul sondes en word gedoop. In teenstelling met hierdie reaksie, blyk die verharding van hul leiers. Hoewel hulle ook kom om gedoop te word, kondig Johannes God se oordeel oor hulle aan, want hulle was nie opreg in hul belydenis nie – soos hul dade van onreg dit dan ook bewys. Die antwoord is: Hulle moet tot inkeer kom en die vrugte van bekering dra.




## DWARS


4. Uit die veld verkry (Mt. 3:4)
5. Voetbedekkings (Mt. 3:11)
7. By hulle geen vrugte van bekering nie (Mt. 3:7)
10. Vrugdraende plante (Mt. 3:10)
12. Baie droeë plek in Judea (Mt. 3:1)
15. Om iets te ontduik (Mt. 3:7)
16. Uitgeroei (Mt. 3:10)
18. Dit kan afgekap word (Mt. 3:10)
21. Nuttelose oesreste (Mt. 3:12)
22. Daarmee word mense gedoop (Mt. 3:11)
23. Skrifverkondiging (Mt. 3:2)
24. Die Almagtige (Mt. 3:9)

## AF

1. Een van die groot profete (Mt. 3:3)
2. Gemaak van kameelhare (Mt. 3:4)
3. Deugsame (Mt. 3:10)
4. God se woonplek (Mt. 3:2)
6. Digby (Mt. 3:2)
8. Spesifieke tydstip (Mt. 3:1)
9. God se heerskappy (Mt. 3:2)
10. Dui op God se toorn (Mt. 3:10)
11. Krag van God om te skep (Mt. 3:9)
13. Nabye omgewing van die Jordaan (Mt. 3:5)
14. Daarmee roep Johannes (Mt. 3:3)
15. God se oordeel (Mt. 3:10)
17. God se dienskneg (Mt. 3:3)
19. Stemverheffing (Mt. 3:3)
20. Skepgereedskap (Mt. 3:12)
22. Die Here se pad (Mt. 3:3)

## CHRISTUS SE GESLAGSREGISTER

In die begin het God alles goed gemaak. Alles was wonderlik en mooi en daar was niks sleg of seer nie. God het die mense na sy beeld gemaak – dit beteken dat as jy na 'n mens kyk, jy iets van God moet leer (amper soos wanneer jy iemand leer ken deur na 'n prentjie van die persoon te kyk). God het ook vir hulle 'n spesiale tuin gemaak waar hulle kon bly. Alles was goed.



Maar Adam en Eva het na die slang geluister en sonde gedoen. Sonde is wanneer ons aan God ongehoorsaam is. Dit maak God se hart baie seer as ons sonde doen.

Omdat hulle sonde gedoen het, moes Adam en Eva uit God se tuin uitgaan. Hulle mag nie meer daar gebly het nie. Buite God se tuin was alles baie moeilik – daar was dorings en diere met skerp tande. Partykeer het Adam en Eva ook siek geword en ander kere was hulle weer kwaad vir mekaar.

Al was God se hart baie seer omdat hulle sonde gedoen het, was God nog steeds baie lief vir hulle. Daarom het die Here belowe dat Hy iemand sal stuur wat alles weer sal regmaak. Hierdie iemand, het God verduidelik, gaan uit Adam en Eva se nageslag gebore word.

Adam en Eva het drie seuns gehad. Elke keer as een gebore is, het hulle gehoop dat hy die een sou wees wat gaan doen wat God belowe het, maar al hulle seuns was sondaars net soos hulle.

Adam was Set se pa en Set was weer 'n groot, groot, groot oupagrootjie van Noag. Noag was weer Sem, Gam en Jafet se pa en ná Sem het Abraham gekom. Isak was Abraham se seun en Jakob was weer Isak se seun.



Toe Jakob groot geword het, het hy 12 seuns gehad. Een van die seuns se name was Juda. Ná Juda het Boas (Rut se man) gekom. Boas was weer koning Dawid se oupagrootjie. Nadat Dawid

koning van Israel geword het, het hy ook met Bátseba getrou. Hulle seuntjie se naam was Salomo.




’n Koning se seun noem ’n mens ’n prins en wanneer die koning doodgaan, word die prins koning. Daarom het Salomo koning geword toe Dawid doodgaan.

Ná Salomo was daar nog baie konings. Salomo was Rehábeam se pa en ná hom het Abía gekom en toe Asaf en toe Jósafat en toe Joram en so kan ons aangaan. Ongelukkig was die meeste van hierdie konings nie lief vir die Here nie. Soos Adam en Eva het hulle verkeerde dinge gedoen wat die Here se hart seergemaak het.

Wat dinge nog erger gemaak het, is dat hierdie konings nie eers jammer was omdat hulle so baie sonde doen nie. Hulle het nie die Here aanbid nie. Hulle het klippe en stukke hout aanbid, asof dit God was.

Die Here het baie keer sy profete gestuur om vir hierdie konings te sê dat hulle sonde doen, maar die konings het nog steeds nie geluister nie. Omdat God se mense so baie van die konings gehou het, het hulle saam met die konings sonde gedoen.

Selfs al het die Here sy kinders baie maal gewaarsku, het hulle nog steeds nie geluister nie. Daarom het God hulle gestraf. Hy het ’n ander koning met baie soldate gestuur om sy kinders na Babilon toe weg te vat. Babilon was ’n baie ver land en daar het baie slegte dinge aangegaan.



Ná 70 jaar het die Here hulle weer laat terugkom na hul huise toe, maar niks was meer dieselfde nie. Hulle huise se mure was stukkend en die tempel was afgebreek. Hulle was baie hartseer daaroor.

Al was daar so baie slegte goed, het die Here nog al die pad sy groot belofte onthou. Uit Adam, Noag, Abraham, Isak, Jakob en Dawid se nageslag is daar ’n seuntjie met die naam Jesus gebore – Hy was die Een wat God gestuur het om alles weer reg te maak.

# Wat is die beste ding wat met jou kan gebeur?



Ds. Henning Dafel

**Dit is maklik om te jok oor waar jy vandaan kom of oor wie jy is. Soms jok ons ook vir onsself. Maar dit is baie moeilik om te jok oor iets wat nog nie bestaan nie en wat ons graag wil hê. Jy gaan waarskynlik voel dat dit goed gaan as dinge waarvan jy hou, met jou gebeur. Jy gaan voel dat dit sleg gaan as dinge waarvan jy nie hou nie, gebeur.**

So, wat wil jy hê? Wat is jou idee van 'n goeie lewe?

Presies hoe 'n goeie lewe lyk, gaan vir ons elkeen verskil. Tog soek ons meestal dieselfde tipe goed. Ons wil van onsself hou en wil hê dat ander van ons moet hou. Jy wil veilig voel. Jy wil sukses hê. So kan ons aangaan. Ons soek almal daarna. Dit is baie keer hierdie goed wat vir ons belangriker as God word (dit word ons afgode).

Mense wat advertensies maak, weet dit byvoorbeeld ook en hulle gebruik dit baie goed. Gaan kyk byvoorbeeld as hulle karre op televisie adverteer. Hulle wys nie sommer vir jou hoeveel perdekrag die motor het, of hoe lig hy op brandstof is, of selfs hoe goedkoop die kar is nie. Hulle wys eerder vir jou hoe jy gaan voel of hoe die wêreld na jou gaan kyk as jy in só 'n kar ry.

Omtrent elke advertensie op televisie of in die winkelsentrum probeer vir jou wys hoe goed jou lewe gaan wees as jy hierdie of daardie ding het.

Hulle verkoop nie net hulle produk aan jou nie – hulle belowe dat jou hart lekker gaan voel as jy hulle produk koop. Maar daar is 'n probleem.

Sê nou hulle praat die waarheid en dat hierdie dinge wat hulle adverteer regtig vir jou geluk, respek en vrede sal gee – sal jy dit ooit kan bekostig? Sal jy al hierdie goed kan koop, sodat jy ook geluk, respek en vrede kan hê? Ek weet ek sal nie kan nie – trouens, die meeste van ons sal dit ook nie kan bekostig nie.

Daar is nog 'n probleem. Sê nou maar jy het genoeg geld en jy het daardie groot huis en daardie luukse kar en daardie mooi klere gekoop. As jy om jou kyk, sal jy sien dat iemand anders altyd 'n groter huis en 'n luukser kar en mooier klere het. Jou hart gaan altyd meer wil hê.

Derde probleem: Selfs al het jy alles wat jou hart ooit kan begeer, moet jy onthou dat jy dit iewers gaan verloor. As jy dit nie op een of ander manier gaan verloor terwyl jy lewe nie, gaan jy dit verloor as jy doodgaan.

Die beste lewe wat ons hier op aarde kan kry, sal ons nog steeds nie vir altyd gelukkig kan maak nie. Behalwe dat dit vir die meeste van ons onmoontlik is, gaan ons harte altyd meer wil hê en gaan ons dit iewers verloor. Dit is hoe afgode werk. Hulle laat jou in die steek! Maar daar is 'n alternatief!

Jesus Christus kom gee vir ons die regte goeie lewe. Hy kom gee dit gratis vir al sy kinders. As jy by God jou vrede en geluk soek, sal jy dit nooit weer op 'n ander plek gaan soek nie. God se vrede en geluk sal vir jou genoeg wees. Die beste is dat jy dit nooit sal verloor nie. Selfs al gaan 'n gelowige dood, sal hy of sy nooit van God geskei word nie.

*O almal wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk! Luister aandagtig na My en eet die goeie, en laat julle siel hom in vettigheid verlustig. Neig julle oor en kom na My toe, luister, en julle siel sal lewe ...* (Jes. 55:1-4).